# Die Tye van Verkwikking

## *Behoort Christene dit te onderhou?*




**Gary Hullquist & Kevin J. Mullins**

# Die Tye van Verkwikking

Behoort Christene dit te onderhou?

Gary Hullquist
Kevin J. Mullins

Gedruk deur

VadervanLiefde.com

trsc.today

Oorspronklike Engelse publikasie: Mei 2020

Vertaal na Afrikaans: Augustus 2022

## Samevattende Opsomming

> *"Verder het die HERE met Moses gespreek en gesê: Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle:* ***Die feestye van die HERE*** *wat julle moet uitroep as heilige samekomste dit is my feestye. Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op die sewende dag is dit* ***'n dag van volkome rus****, 'n heilige vierdag; géén werk mag julle doen nie dit is* ***'n sabbat*** *van die HERE in al julle woonplekke." Levitikus 23:1-3*

Sommige noem Saterdag die Joodse Sabbat, maar dit was reeds geseën en geheilig tydens die skepping en is bedoel vir alle mense (Genesis 2:1-3). Moet ons dit onderhou? As God sê dit is Sy Sabbat en Hy het dit geseën, dan wil ek daardie seën ontvang en in harmonie met Hom en Sy tye wees. Ons weet dat hierdie weeklikse fees gehou gaan word op die nuwe aarde, want Jesaja vertel ons dat "elke maand op die nuwemaan en elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die HERE." (Jesaja 66:23).

> *"****Dit is die feestye van die HERE****, die heilige vierdae wat julle moet uitroep op hulle bepaalde tyd. In die eerste maand, op die veertiende van die maand, teen die aand, is die* ***pasga*** *van die HERE; en op die vyftiende dag van hierdie maand is die* ***fees van die ongesuurde brode*** *van die HERE; sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet. Op die eerste dag moet daar vir julle 'n heilige vierdag wees; géén beroepswerk mag julle doen nie. Maar julle moet sewe dae lank aan die HERE 'n vuuroffer bring. Op die sewende dag moet daar 'n heilige vierdag wees; géén beroepswerk mag julle doen nie." Levitikus 23:4-8*

Die eerste jaarlikse heilige vierdag wat aan Israel gegee is, het saamgeval met hulle verlossing uit Egipte, met die 10de plaag. Die Pasga Lam het Christus verteenwoordig, die Lam van God, die ware offer en dus was geen verdere slagoffer of spysoffer meer nodig nie. Ons gaan voort om ons aan die offer van Christus te herinner deur die nuwe simbole van ongefermenteerde druiwesap (wat nie gegis is nie) en die oorspronklike ongesuurde brood, albei simbole van Sy sondelose lewe – maar geen geroosterde lam – "want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus." 1 Korinthiërs 5:7. En terwyl die Pasga van ouds slegs een keer per jaar plaasgevind het, vier baie vandag die nagmaal meer gereeld, maar ons behoort nie daarteen beswaar te maak indien dit dan op die oorspronklike vasgestelde tyd gevier word nie. Voorheen was Jehovah met ten minste oggend- en aandofferandes aanbid. Vandag word hierdie vervang met oggend- en aandgodsdiens – ten minste behoort dit so te wees. Moet ons hierdie tye soggens en saans beskou as heilige afsprake? Ons mis 'n belangrike seën as ons dit nie doen nie.

> *“En die HERE het met Moses gespreek en gesê: Spreek met die kinders van Israel en sê aan hulle: As julle in die land kom wat Ek julle gee en sy opbrings oes, moet julle die **eerstelingsgerf** van julle oes na die priester bring. En hy moet die gerf voor die aangesig van die HERE beweeg, sodat julle welgevallig kan wees; die dag ná die sabbat moet die priester dit beweeg ... Dan moet julle tel van die dag ná die sabbat, van die dag af as julle die beweegoffergerf bring **sewe volle weke moet dit wees**; tot die dag **ná die sewende sabbat moet julle vyftig dae tel**; dan moet julle ‘n nuwe spysoffer aan die HERE bring.” Levitikus 23:9-11, 15, 16*

Jesus het uit die graf uit opgestaan op die dag van die Eerstelingsgerf: “Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die *eersteling* geword van die wat ontslaap het …Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde: as *eersteling* Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms.” 1 Korinthiërs 15:20,22-23. Na Sy opstanding het Hy 40 dae spandeer om Sy dissipels vir dié tyd voor te berei ”nie lank ná hierdie dae nie” totdat hulle “toegerus is met krag uit die hoogte” Handelinge 1:5; Lukas 24:49. Tien dae later, op Pinksterdag (die 50ste dag), het Petrus agtergekom dat profesieë besig is om vervul te word, en hy het die profeet Joël aangehaal, “En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, … en laat op julle neerdaal die reën, die vroeë reëns en die laat reëns,” Handelinge 2:17; Joël 2:28, 23. Vandag sien ons uit na 'n finale vervulling van die Pinkster-ervaring by die laat reëns. Sal dit werklik ten tyde van die jaarlikse Pinksterfees wees? Ons kan dit nie met sekerheid sê nie, maar dit kan wees. Ek sal dit nie wil misloop nie.

Hierdie patroon van belangrike gebeurtenisse in die verlossingsgeskiedenis wat presies op hierdie belangrike lentefeesdae plaasgevind het, is deur baie Christene, Hervormers en talle Bybelkommentators erken. Die aandag is dus gefokus op die volgende feeste, dié wat almal in die sewende Joodse maand plaasgevind het, die Herfsfeeste van Trompette, die Versoendag en Huttefees (oftewel die Loofhuttefees).

> *“En die HERE het met Moses gespreek en gesê: Spreek met die kinders van Israel en sê: In die sewende maand, op die eerste van die maand, moet dit vir julle ‘n rusdag wees, ‘n gedenkdag deur **basuingeklank**, ‘n heilige vierdag. Géén beroepswerk mag julle doen nie; maar julle moet aan die HERE ‘n vuuroffer bring.” Levitikus 23:23-25*

Trompette is erken as 'n potensiële aankondiging van die wederkoms van Christus wat uit die hemel sou neerdaal “met geklank van die basuin van God” 1 Thessalonicense 4:16. Dit word tradisioneel genoem, "die dag waarvan

niemand die tyd ken nie" omdat die nakoming daarvan deur die nuwemaan bereken word en hulle almal moes uitkyk vir die nuwemaan se verskyning. Ons onthou die woorde van Jesus, "Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens [Jesus self] kom nie." Matthéüs 25:13.

> *"Verder het die HERE met Moses gespreek en gesê: Maar op die tiende van hierdie sewende maand is dit die* ***versoendag****. 'n Heilige vierdag moet dit vir julle wees; dan moet julle jul verootmoedig en aan die HERE 'n vuuroffer bring. En op daardie selfde dag mag julle géén werk doen nie, want dit is 'n versoendag om vir julle versoening te doen voor die aangesig van die HERE julle God." Levitikus 23:26-28*

Tien dae later was dit die Versoendag, die finale oordeel wanneer die hoëpriester die Allerheiligste van die heiligdom binnegaan om dit te reinig van die sondes wat daar opgehoop het deur die jaar. Wanneer hy aan die einde van die dag uitgaan, is nie net die heiligdom gereinig nie, maar die mense is ook gereinig "van al julle sondes moet julle voor die aangesig van die HERE rein word." Levitikus 16:30.

Wanneer Jesus, ons Hoëpriester, ons "Voorspraak by die Vader" (1 Joh. 2:1), Sy intersessie werk in die hemelse heiligdom waar Hy nou is, beëindig (Hebreërs 8:1, 2), sal Hy 'n plegtige uitspraak maak, "Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en "laat die regverdige nog regverdiger word" Openbaring 22:11. Diegene wat gereinig wil word, sal almal rein wees, en dié wat dit nie doen nie, sal bly soos hulle is. Die volgende vers gaan voort, "En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My…" Soos die koning in die gelykenis van Jesus in Matthéüs 22, wat al die gaste wat na die bruilofsmaal van sy seun genooi is, toegerus het met bruilofsklere en toe "ingaan om na die gaste te kyk, sien hy daar iemand wat nie 'n bruilofskleed aan het nie," netso sal Jesus, die Koning van die konings en Here van die here, diegene wat na die bruilofsmaal van die Lam genooi is, weer nagaan wanneer die bruid "haar gereed maak" Openbaring 19:7. Hy sal ook 'n inspeksie doen, 'n finale diagnose maak, voor die laaste Versoendag. Daniël skryf in Versoendag-taal en vertel ons dat ná die "twee duisend drie honderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word." Daniël 8:14.

Met die erkenning dat die 70 weke profesie van Daniël 9 gegee is sodat Daniël die visioen van Daniël 8 kan verstaan, en dat 'n dag in Bybelprofesie gelyk is aan een volle jaar (Númeri 14:34; Eségiël 4:6), het 'n vloed van Bybelkenners, vanaf die Hervorming tot die laat 1700's, begin besef dat die datum van die Persiese koning se bevel "…om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde," (Daniël 9:24,25) gemaak was in 457 v.C. (sien, Esra 7:11-26) en, was

dus die beginpunt van nie net die 70 Week profesie nie, maar ook die 2300 aande en môres (dae/jare), wat dus tot die middel 1800's gereik het as die tyd van reiniging. Intense belangstelling in die bepaling van die 10de dag van die 7de maand (die Dag van Versoening) het op 'n globale skaal losgebars in wat bekend gestaan het as die Groot Advent Ontwaking. Predikers in Engeland, Italië, Skandinawië, en Amerika, het vir 'n dekade lank die trompet geblaas dat daardie oordeelsdag aan die kom was.

Natuurlik is die Versoendag nog nie voltooi nie. Jesus wag steeds vir die finale besluite wat deur almal op planeet Aarde geneem moet word. Sal Hy Sy Hoëpriesterlike klere neerlê en Sy koninklike klere aantrek op die jaarlikse Versoendag? Mag wees. Ek sal nie verbaas wees nie.

> *"En die HERE het met Moses gespreek en gesê: Spreek met die kinders van Israel en sê: Op die vyftiende dag van hierdie sewende maand is dit sewe dae lank* ***die huttefees*** *vir die HERE… Maar op die vyftiende dag van die sewende maand, as julle die opbrings van die land insamel, moet julle die fees van die HERE sewe dae lank vier; op die eerste dag is dit rusdag, en op die agtste dag is dit rusdag. En op die eerste dag moet julle vir julle vrugte neem van sierlike bome, met palmtakke en takke van digte bome en rivierwilgers, en sewe dae lank voor die aangesig van die HERE julle God vrolik wees. En julle moet dit as fees van die HERE sewe dae in die jaar vier. Dit is 'n ewige insetting vir julle geslagte. In die sewende maand moet julle dit vier. Sewe dae lank moet julle in hutte woon; almal wat in Israel gebore is, moet in hutte woon." Levitikus 23:33-34, 39-42*

Maar van al die feeste is die huttefees die een waaraan ek die meeste aandag gee. Dit is die enigste een wat nog nie vervul is nie, en die laaste een op die lys. Ek sien uit na die dag wanneer "die tabernakel van God" "by die mense" is "en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God." Openbaring 21:3. Al hierdie vasgestelde tye handel elkeen oor 'n belangrike aspek van die Vader en Seun, in Hulle werk om ons te red. Slegs Hulle kan ons red. Selfs om die Sabbat te "onderhou" elke week kan ons nie "red" nie.

Daar is mense wat vasgevang word in baie klein dingetjies en onnodige besonderhede, in eindelose debatte oor hoe om die tyd te bereken, ensovoorts. As ons nie versigtig is nie, kan sulke pogings 'n las word. Maar vir my is die grootste seën om na hierdie heilige samekomste te kyk, die samesyn, om gemeenskap te hê, te studeer, te deel en mekaar aan te moedig terwyl ons 'n spesiale gawe van die Gees van Christus ontvang. Hoekom net een kampvergadering per jaar hou as jy drie kan hê?

Die lente-afsprake fokus op die offer van die Vader, die dood en opstanding van sy Seun, wat die nagmaal met ongesuurde brode en ongesuurde druiwesap insluit, asook die verordening van voetewas (Johannes 13:1-17), is alles simbole van Sy oorwinning oor sonde. Dié in die herfs beklemtoon Christus se reinigende voorbidding in die Allerheiligste, die belofte van die laat reëns en Sy terugkeer om hierdie aarde in die heerlikheid van Sy Vader te kom oes. Hierdie tye, ten minste twee keer per jaar, ses maande uitmekaar, is eintlik nogal 'n goeie reëling.

## Is die feeste vandag noodsaaklik vir ons om dit te hou?

Die antwoord op daardie vraag hang af van hoe ons 'n aantal ander verwante vrae beantwoord:


**1. Moet ons die Insettinge Vandag Steeds Onderhou? ............ 8**
**2. Wat is Ingesluit by die Insettinge? ....................................... 12**
**3. Bevat die Feeste Morele Beginsels? ...................................... 15**
**4. Moet ons die Insettinge hou om Gered te word? ................. 15**
**5. Waarom hou ons Sommige van die Insettinge, maar nie Almal nie? ........................................................................................ 16**
**6. Is die Feeste deel van die Offerstelsel? .................................. 18**
**7. Is die Sewende-dag Sabbat ‘n Insetting of ‘n Fees?............ 18**
**8. Hoeveel Sabbatte is daar? ...................................................... 19**
**9. Wat is die Seën van die Sabbat? ........................................... 20**
**10. Waarom sal ons die Weeklikse Sabbat Onderhou , maar nie die Ander nie? ........................................................................... 23**
**11. Het God die Feeste Afgeskaf? .............................................. 30**
**12. Hoeveel Wette is daar? ......................................................... 31**
**13. Is Enige Wette by die Kruis Afgeskaf? ............................... 35**
**14. Is Feeste Skaduwees wat Eindig met die Antitipe?........... 46**
**15. Moet Christene Vandag die Feeste Hou?........................... 49**
**16. Sal ons die Feeste in die Hemel of op die Nuwe Aarde Hou? ........................................................................................ 54**

## 1. Moet ons die Insettinge Vandag Steeds Onderhou?

Dieselfde profeet op wie ons 'n beroep doen in elke preek oor rentmeesterskap en tiendes het ook hierdie woorde van Jehovah geskryf:

> *"Dink aan die wet van Moses, my kneg, wat Ek hom beveel het op Horeb vir die hele Israel—**insettinge en verordeninge**. Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek." Maleági 4:4-5*

Gedenk die Sabbatdag om dit te heilig. Nog iets om te gedenk. Dis nie Moses wat Israel beveel het om dit te gedenk nie, dis die HERE. En so gedenk ons die Sabbat elke sewende dag soos God Moses beveel het (nie alleen in Exodus 20:8-11 nie, maar in 16:26; 31:15; 35:2; Lev. 23:3; Deut. 5:14; en Eség. 46:1).

Ons leef nou voor "die groot en vreeslike dag van die HERE." Johannes die Doper was "Elía wat sou kom" (Matthéüs 11:14). Maar sy dag was nie die groot en vreeslike dag van die HERE nie. Moet ons tog dan die wet van Moses, die insettinge en verordeninge onthou? Dit wil so voorkom.

Insettinge, voorskrifte en verordeninge is beginsels van God se ontwerp vir die lewe, wat nie beëindig word nie, en is daarom vandag steeds 'n belangrike deel van Jehovah se wet en Sy waarheid. Dit maak die beginsels deel van die huidige waarheid en deel van God se verbond met sy volk.

Die verbond wat God voorgestel het om met Israel te sluit, is gerugsteun deur Sy belofte om hulle te dra en hulle te help. Israel het dit omgedraai en God belowe om al hierdie dinge in hul eie krag te doen. Tog was God se ewige verbondsbelofte nog altyd "Ek sal jou seen" en soos Hy later herhaal het, "En Ek sal my Gees in jul binneste gee en **sal maak dat julle in my insettinge wandel** en **my verordeninge onderhou en doen**." Eségiël 36:27.

Die volgende vraag is, "Is die jaarlikse byeenkomste, die 'feeste van die HERE', by die insettinge ingesluit?"

Jesus het 'n gelykenis vertel oor 'n fees, 'n groot maaltyd, wat aan baie aangebied is, maar om 'n aantal interessante redes geïgnoreer is:

> *"Maar wanneer jy 'n **feesmaal** gee, nooi armes, verminktes, kreupeles, blindes, … 'n Sekere man het 'n **groot maaltyd** gegee en baie mense uitgenooi. En op die uur van die maaltyd het hy sy dienskneg uitgestuur om vir die genooides te sê: Kom, want alles is nou gereed. En hulle het hul almal eenparig begin verontskuldig. Die eerste het vir hom gesê: Ek het 'n stuk **grond** gekoop en ek moet noodsaaklik uitgaan om daarna te kyk. Ek vra u,*

*verskoon my tog. En 'n ander een het gesê: Ek het vyf paar* ***osse*** *gekoop en gaan hulle probeer. Ek vra u, verskoon my tog. En 'n ander een het gesê: Ek het 'n* ***vrou*** *getrou en daarom kan ek nie kom nie. Lukas 14:13, 16-20*

Te besig met my werk, of ek is getroud met 'n vrou, 'n kerk wie se geloof my verbied. Om onsself te verskoon van God se uitnodiging om op Sy vasgestelde tye bymekaar te kom, het selfs in Paulus se dag gebeur.

*"en laat ons op mekaar ag gee* ***om tot liefde en goeie werke aan te spoor****; en* ***laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim*** *soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit* ***des te meer namate julle die dag sien nader kom."*** *Hebreërs 10:24-25*

Daar het 'n gewoonte onstaan, sowat 30 jaar na die kruis, om die tye van samekomste te versuim. Hierdie byeenkomste was geleenthede om mekaar aan te moedig om lief te hê, goeie werke te doen en om 'n lofoffer te bring!

*"Laat ons dan gedurig deur Hom aan God 'n* ***lofoffer bring****, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely. Vergeet die weldadigheid en mededeelsaamheid nie, want God het 'n welbehae aan* ***sulke offers****." Hebreërs 13:15-16*

*"en om* ***môre vir môre te staan om die HERE te loof en te prys****, en* ***net so saans****; en vir al die offerwerk van die brandoffers aan die HERE op die sabbatte, op die nuwemane en op die feestye, in getal volgens die verordeninge daarvoor,* ***gedurigdeur*** *voor die aangesig van die HERE." 1 Kronieke 23:30-31*

Oggend- en aandgodsdiens is ons tye om voor ons Vader te verskyn in lofprysing en danksegging vir "Sy wonderdade aan die mensekinders" Psalm 107:8. Moses is opdrag gegee om die volk op spesifieke tye te roep om bymekaar te kom.

*"Maak vir jou twee* ***silwertrompette****; van dryfwerk moet jy dit maak; en hulle moet vir jou dien* ***om die vergadering byeen te roep*** *en om die laers te laat opbreek. As hulle dan daarop blaas, moet die* ***hele vergadering by jou byeenkom*** *by die ingang van die tent van samekoms.* ***Op die dag as julle vrolik is****, sowel as op julle* ***feestye*** *en by die* ***begin van julle maande*** *moet julle by jul brandoffers en by jul dankoffers op die trompette blaas: hulle sal dien om julle in* ***gedagtenis*** *te bring voor die aangesig van julle God. Ek is die HERE julle God." Numeri 10:2-3, 10*

**Pasga** was 'n plegtige dag; **Pinkster** was 'n dag van blydskap.
**Versoening** was 'n plegtige dag; **Loofhuttefees** was 'n dag van blydskap.

Bepaalde tye, die begin en einde van jou dag, die begin van maande, die begin

van die jaar, die einde van die jaar—dit was belangrike vasgestelde tye vir aanbidding en gemeenskap met God. Nie ongereëlde, lukrake tye wanneer dit gerieflik is nie, maar gereelde oggend- en aandgodsdiens, weeklikse aanbidding, maandelikse aanbidding, jaarlikse aanbidding, gebed, danksegging en lofprysing sal ons houvas op God verstewig.

> *"As jy dan goed luister na die stem van die HERE jou God om sorgvuldig te hou al sy gebooie wat ek jou vandag beveel, dan sal die HERE jou God jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde. En al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die stem van die HERE jou God. Geseënd sal jy wees in die stad, en geseënd sal jy wees in die* ***veld****. Geseënd sal wees die* ***vrug van jou liggaam*** *en die vrugte van jou land en die vrug van jou* ***vee****, die aanteel van jou beeste en die aanteel van jou kleinvee. Geseënd sal wees jou* ***mandjie en jou bakskottel****. En die HERE sal die* ***goeie aan jou oorvloedig gee*** *in die vrug van* ***jou liggaam*** *en in die vrug van jou* ***vee*** *en in die vrugte van* ***jou land****, in die land wat die HERE aan jou vaders met 'n eed beloof het om aan jou te gee. Die HERE* ***sal sy goeie skatkamer****, die hemel, vir jou oopmaak om die* ***reën*** *van jou land op die regte tyd te gee en om al die werk van jou hand te seën; en jy sal aan baie nasies uitleen, maar self nie hoef te leen nie." Deuteronómium 28:1-5,11,12*

Die drie areas wat die oorsprong van verskoning was vir diegene wat nie die uitnodiging aanvaar het om na die fees, die groot maaltyd te kom nie, is juis die dinge wat God sal seën as ons kom.

> *"En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het,* ***sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare****, en* ***om die huttefees te vier****. En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, die HERE van die leërskare, te aanbid nie—****hulle sal geen reën kry nie****. En as die geslag van Egipte nie optrek en nie kom nie,* ***op wie geen reën sal val nie****, dan sal tog die plaag hulle tref waarmee die HERE die nasies tref wat nie opgaan* ***om die huttefees te vier*** *nie. Dit sal die straf van Egipte wees en die straf van al die nasies wat nie optrek om die* ***huttefees te vier*** *nie". Sagaría 14:16-19*

Terwyl die huttefees (of die Loofhuttefees) die geleentheid is om "jaar na jaar" bymekaar te kom om die HERE te aanbid, tesame met die belofte van reën vir diegene wat dit doen, kan hierdie gedeelte in Sagaría verwarrend wees oor presies wanneer dit plaasvind. Aangesien die hoofstuk begin met 'n aanval op Jerusalem, die koms van Christus op die Olyfberg, en die vertering van tonge en oë en bene van die goddelose, sou dit daarop dui dat die milieu ná die millennium is (Openbaring 20). 'n Post-millennium oproep na die Loofhuttefees beteken beslis dat die fees nie net vir Christene voor die kruis

bedoel is nie, maar vir Christene na die kruis.

> "*My sabbatte moet julle hou* *en my heiligdom ontsien. Ek is die HERE.* ***As julle in my insettinge wandel en my gebooie hou*** *en dit doen,* ***sal Ek julle reëns gee op die regte tyd****, en die land sal sy opbrings gee, en die bome van die veld sal hulle vrugte gee.* ***Maar*** *as julle nie na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie;* ***en as julle my insettinge verwerp****, en as julle siel van* ***my verordeninge 'n afsku*** *het, sodat julle* ***nie al my gebooie doen nie*** *en* ***my verbond verbreek*** *dan sal Ék dit ook aan julle doen: Ek sal verskrikking oor julle beskik: die tering en die koors wat die* ***oë verteer*** *en die lewe laat versmag; julle sal ook tevergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet. Dan sal die* ***land vir sy sabbatte vergoeding*** *kry, al die dae van sy verwoesting, terwyl julle in die land van julle vyande is; dan sal die* ***land rus en vir sy sabbatte vergoeding gee****. Al die dae van sy verwoesting sal dit rus die rus wat dit nie gehad het in julle sabbatte toe julle daarin gewoon het nie." Levitikus 26:2-4,14-16, 34,35*

Let op na die duidelike verband hier tussen die gebooie en die insettinge. Die gebooie is eers van die berg Sinai deur die Here uitgespreek en daarna is die insettinge aan Moses gegee om die volk te leer en te onderrig. Terwyl die verordeninge en getuienisse ook saam met hierdie twee genoem word, word die gebooie en insettinge dikwels alleen saam gelys:

> "al sy **insettinge** en sy **gebooie** wat ek jou beveel, te hou" Deuteronómium 6:2.
> "om te hou die **gebooie** van die HERE en sy **insettinge**" Deuteronómium 10:13
> "sy **gebooie** en sy **insettinge** volbring" Deuteronómium 27:10.
> "hou al sy **gebooie** en sy **insettinge**" Deuteronómium 28:15.
> "sy **gebooie** en sy **insettinge** … te hou" Deuteronómium 28:45.
> "sy **gebooie** en sy **insettinge** te hou" Deuteronómium 30:10.
> "my **insettinge** en my **gebooie** te onderhou" 1 Konings 3:14.
> "my **gebooie**, my **insettinge**" 1 Konings 9:6.
> "my **gebooie** en my **insettinge** gehou" 1 Konings 11:34.
> "my **insettinge** en my **gebooie** te hou" 1 Konings 11:38.
> "onderhou my **gebooie**, my **insettinge**" 2 Konings 17:13.
> "my **insettinge** en my **gebooie**" 2 Kronieke 7:19.
> Sien ook Exodus 15:26; Levitikus 26:3; Deuteronómium 4:40; 1 Konings 8:61; Esra 7:11; Psalm 89:32; 119:48.

Die gebooie wat op klip geskryf is, is in die verbondsark geplaas. Hulle was nie toeganklik vir die mense nie, nie eers vir die priesters nie, net die hoëpriester was toegelaat in die Allerheiligste waar die ark geplaas is, en selfs toe was dit onder die beskutting van die versoendeksel. Dus was die gebooie onsigbaar vir die mense. Maar die insettinge en verordeninge was opgeskryf in die wetboek

wat in die sykant van die ark geplaas was, en 'n afskrif daarvan is aan die priesters gegee om die volk te leer, deur dit elke sewe jaar vir hulle op die huttefees voor te lees. Deut. 31:10,11.

Die gebooie was eers onsigbaar; die insettinge is vervolgens gegee en was 'n sigbare kopie of beeld van die gebooie. Die insettinge het die gebooie verduidelik en verheerlik of versterk.

Hierdie verhouding tussen die gebooie en insettinge word weerspieël in die Bron-Kanaal verhouding tussen ander Vader-Seun tipes: die Vader van die ligte wat die Bron is van "Elke goeie gif en elke volmaakte gawe" (Jakobus 1:17), die "onsienlike, alleenwyse God" (1 Timótheüs 1:17), "wat geen mens gesien het of kan sien nie," (1 Timótheüs 6:16), en "die Seun van sy liefde... die Beeld van die onsienlike God," (Kolossense 1:13,15), "die afdruksel van sy wese" (Hebreërs 1:3).

| **Onsigbare Bron** | | **Sigbare Manifestasie** |
|---|---|---|
| God, die Vader | | Jesus, die Seun |
| Gebooie | | Insettinge |
| die groot lig (son) | (Genesis 1:14-16) | die klein lig (maan) |
| versteek in die nag | | afhanklik van die son |

Net soos "almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer" (Joh 5:23), so kan ons ook die insettinge eer soos ons die gebooie eer.

## 2. Wat is Ingesluit by die Insettinge?

Die insettinge hou die Tien Gebooie in goeie bewaring, dit druk die beginsels van die wet van God se koninkryk uit, word deur die krag van die morele wet versterk, sit die wet duidelik uiteen; en lys die seëninge van gehoorsaamheid. Dit is aanwysings wat die Here aan sy volk gegee het.

Die insettinge is ondergeskik aan die Tien Gebooie maar ontvang gesag en mag van daardie morele wet. Die insettinge verteenwoordig, verduidelik en versterk die tien bevele of tien grondreëls. Die verhouding tussen die insettinge en die Wet van God is parallel met dié tussen die Seun van God en Sy Vader, "die Oue van dae" (Daniël 7:13). Ons vind die insettinge uiteengesit in die boek Deuteronómium.

Deuteronómium 26 beveel die mense om …

1. Hulle **eerstelinge van al die vrugte** na die Here te bring, Hom te aanbid, en te gedenk hoe God Jakob van die land van Laban eers na

Egipte en na Kanaän gelei het. En bly te wees oor elke goeie ding wat die Here vir hulle gegee het.
2. Die **tiende van die derde jaar** is vir die priesters, vreemdelinge, wese en weduwees.

Deuteronómium 27 beveel hulle om …

1. Groot **klippe** met kalk te bestryk en op te rig op die berg **Ebal** en daarop die woorde van die wet te skryf.
2. Nie **gesnede of gegote beelde** te maak nie.
3. Nie ouers te verag nie.
   (Dit klink soos die Tien Gebooie)
4. Nie **naaste se grenslyn** te verlê nie.
5. Nie **die blinde** op die dwaalweg te lei nie.
6. Nie die reg van **vreemdeling, wees en weduwees** te verdraai ne.
7. Nie **gemeenskap** met die vrou van jou vader te hê nie.
8. Nie **gemeenskap** met enige dier te hê nie.
9. Nie **gemeenskap** met suster of skoonmoeder te hê nie.
10. Nie naaste in die geheim **dood te slaan** nie.
11. Nie **omkoopgeskenk** aan te neem om 'n persoon – onskuldige bloed – dood te slaan nie.

Deuteronómium 28 lys op eenvoudige wyse al die seëninge indien die insettinge nagekom word en al die vloeke indien dit geïgnoreer word. Maar dit is nie die enigste insettinge nie. Van hoofstuk 12 af is daar nog gelys:

1. **Vernietig al die afgode** en heidense gode van die land wanneer jy dit binnegaan.
2. Die **bloed mag julle nie eet nie**.
3. Jy mag nie die **tiende** in jou poorte (by jou huis) **eet** nie, maar saam met jou familie en die leraar waar hy bedien.

Hoofstuk 13 gaan voort:

1. Stenig enige profeet of familielid wat jou probeer oorhaal om **ander gode** te dien.
2. Vernietig enige stad wat jou probeer oorhaal om **ander gode** te dien.

Hoofstuk 14 het meer insettinge:

1. Moenie jouself stukkend sny of jou hoof kaal skeer ter wille van 'n dooie nie.
2. Moenie eet wat 'n gruwel is nie, bv. die kameel, haas, das, vark, arend, aasvoëls, valk, kraai, uil, pelikaan, ooievaar en alle vlieënde insekte.

Hoofstuk 15 lys nog:

1. **Elke sewe jaar** moet kwytskelding plaasvind.
2. **Wees vrygewig met die armes;** leen aan ander wat hulle nodig het**.**
3. Moenie werk met die **eersgebore beeste** of die **eersgebore skape** skeer nie.

Hoofstuk 16 gaan voort met meer:

1. Onderhou die maand Abib en hou **pasga** vir die HERE jou God.
2. Eet **ongesuurde brood vir sewe dae** en die sewende is ‘n heilige dag, geen werk moet gedoen word nie.
3. Tel **sewe weke** en gee aan die Here volgens Sy seëninge.
4. **Wees vrolik** saam met jou familie, vreemdeling, leraar, wees en weduwees.
5. Die **Loofhuttefees** moet jy sewe dae lank na jou oes-insameling hou.
6. **Drie maal per jaar** moet alle mans voor die Here verskyn tydens: a. die fees van ongesuurde brode b. die fees van weke c. huttefees
7. Regters mag geen **omkoopgeskenk** aanneem.
8. Geen **heilige boomstam** of boom langs die altaar van die Here, of geen **klippilare** nie.

Hoofstuk 17:

1. Moenie **diere met liggaamsgebrek** aan die Here offer nie.
2. Stenig enigiemand wat 'n **ander god**, son, maan of die hele leër van die hemel **aanbid**.
3. Aanvaar die **uitspraak van die regter**; stenig diegene wat dit teëgaan.
4. Stel **konings** aan slegs uit jou eie volk.
5. Die koning moet **die wet lees** en volg, al die dae van sy lewe.

Hoofstuk 18:

1. Priesters word ondersteun deur die **offers en eerstelinge**.
2. Moenie jou kinders **deur die vuur** laat gaan, met **waarsêery of verklaring van tekens of towery** omgaan nie.
3. Moenie enige **besweerder**, iemand wat geeste om inligting vra of dooies raadpleeg, of **dodebesweerders** in die land toelaat nie.

Ons behoort geen probleem te hê met byna al hierdie bepalings nie. Om mense te stenig en diere te offer is die twee groot uitsonderings. Christus het slagoffer en spysoffer afgeskaf toe Hy aan die kruis gesterf het. Daniël 9:27. Steniging was deel van die insettinge wat nie goed was nie. Hulle is by die wet aangeheg omdat dit 'n gebruik was wat Israel uit Egipte saamgebring het. Eségiël 20:25, Exodus 8:26; 17:4.

Let op in hoofstuk 16 na die uitgebreide besonderhede wat voorsien word vir die nakoming van die byeenkomste drie keer per jaar wanneer die mense kom om God te aanbid en voor Hom bly te wees. Dit wil voorkom of die feeste in geheel deel van die insettinge is. Dit moet egter nie ingesluit word by die “observing of times” wat in hoofstuk 18 verbied word nie (Sien Deut.18:10 in die Engelse King James Bybelvertaling).

## 3. Bevat die Feeste Morele Beginsels?

Die Sabbat is 'n morele wet. Die jaarlikse feeste is ingestel om Israel te herinner aan die heilige verpligting van die Sabbat. Die jaarlikse feeste is 'n herinnering aan die morele beginsel in die Sabbat. Die jaarlikse feeste het voorsiening gemaak vir die betuiging van waardering en dankbaarheid vir die goedheid van God. Dit is morele beginsels. Die jaarlikse feeste was nie 'n uitoefening van arbitrêre soewereiniteit nie, wat beteken dat God nie net besluit het om hulle dit te laat beoefen, eenvoudig omdat Hy dit wou hê nie. Dit is nie arbitrêre reëls om te volg nie. Hierdie feeste is daar gestel vir hul **beswil**. Dit is ‘n goeie morele beginsel. Dit is hoe God die lewe ontwerp het.

Die sameroeping van die hele Israel om te aanbid het 'n uitgebreide geleentheid vir gemeenskap en lof geskep. Dit maak die jaarlikse Sabbatte 'n uitbreiding en uitbouing van die beginsels van die weeklikse Sabbat. Die idee dat 'n jaarlikse Sabbat slegs seremonieel was, werp 'n skaduwee op die weeklikse Sabbat self, en doen afbreek aan die betekenis van die Sabbat. Maar om die jaarlikse feeste 'n herinnering aan die heilige verpligting van die Sabbat te maak, moes dit 'n uitbreiding van juis daardie morele beginsel insluit, anders kon dit nie 'n herinnering aan die Sabbat in gees en waarheid wees nie.

## 4. Moet ons die Insettinge hou om Gered te word?

Neem hierdie vraag 'n stap verder:
Moet ons die Tien Gebooie onderhou om gered te word?

> *“aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van sonde”. Romeine 3:20*

Om die 10 Gebooie te onderhou as 'n middel tot verlossing bring nooit regverdigmaking nie. Verlossing word slegs verkry deur Christus se offer. Maar sodra ons hierdie verlossing verkry deur geloof in Jesus, kom God Sy belofte na en skryf Sy wet op ons hart.

*Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. Hebreërs 8:10*

Hierdie feit bly staan vir beide die insettinge en die tien Gebooie. Dit is ook nie 'n middel tot redding nie, maar albei sal geopenbaar word in die lewe van die gereddes, want die beginsels van die wet sal op ons harte geskryf word. Regverdigmaking deur geloof lei tot gehoorsaamheid ('n natuurlike onderwerping) aan al die gebooie van God en Sy gebooie is nie swaar nie.

*"Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie." 1 Johannes 5:3*

## 5. Waarom hou ons Sommige van die Insettinge, maar nie Almal nie?

Die insettinge is 'n mengsel van 'n paar redelike en ook 'n paar heeltemal onpraktiese regulasies - veral dié wat die dood deur steniging voorstaan. Dit is gegee as gevolg van die mense se eie oordeelsbeginsels en die hardheid van hul harte. Maar as tiendes en onderskeid tussen rein en onrein kos aanvaar word, wat maak ons met die reëls aangaande konings, diere met gebreke, eerstelinge uit die kudde?

Sommige argumenteer dat ons nie net kan kies en keur watter insettinge ons moet nakom nie - dit is óf alles óf niks, sê hulle. Maar daar is ten minste hierdie een beginsel wat ons kan volg: dié wat oor die offerstelsel handel, is nie meer van toepassing nie. Vleis- en drankoffers, sondoffers, skuldoffers, dankoffers, reinigingsplegtighede van die rooi vers, reinigingsplegtighede van melaatsheid—enigiets wat 'n offer van bloed of vuur behels het—kan weggelaat word (Daniël 9:27; Hebreërs 10:1-10). Die enigste offer wat ons vandag aangesê word om te maak, is 'n "lewende, heilige en aan God welgevallige offer". Romeine 12:2; Jeremia 33:11; Hebreërs 13:15.

Die Sabbatsgebod van die tien Gebooie sê vir ons om ons dienaars en ons vee te laat rus. Dit beteken nie dat elke Sabbatsonderhouer diensknegte en beeste moet hê nie. Dit is ingesluit vir die konteks waarin dit gegeld het. Dieselfde geld vir al die insettinge. Insetting wat verbied om 'n 'bokkie in sy moeder se melk te kook', het geen toepassing in ons samelewing vandag nie. Die sleutel is om die beginsel te onderskei en dit dan toe te pas.

Die brief aan die Hebreërs maak 'n skriftuurlike sinspeling op die lofoffer wat verband hou met die daaglikse, weeklikse, maandelikse en jaarlikse

vasgestelde tye wat in 1 Kronieke en Hosea beskryf word..

> *"Laat ons dan **gedurig** deur Hom aan God 'n **lofoffer** bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam **bely**." Hebreërs 13:15*

> *"Neem woorde met julle, en bekeer julle tot die HERE; sê aan Hom: Vergeef alle ongeregtigheid, en neem aan wat goed is; **dan sal ons as offerdiere ons lippe aanbied."** Hosea 14:3*

> *"en om **môre vir môre** te staan om die HERE te **loof** en te **prys**, en net so **saans**; en vir al die offerwerk van die **brandoffers** aan die HERE op die **sabbatte**, op die **nuwemane** en op die **feestye**, in getal volgens die verordeninge daarvoor, **gedurigdeur** voor die aangesig van die HERE." 1 Kronieke 23:30-31.*

Die brandoffers van onskuldige diere is afgeskaf met die dood van die Lam van God. Ons gaan egter voort om die offer van lof te bring. Beide voor en na die kruis is hierdie "gedurigdeur" aangebied, veral op die vasgestelde tye. Daar is ook die probleem met vandag se toepassing van sekere verordeninge. Ons stenig nie mense wat houtjies op die Sabbat bymekaarmaak, ander gode aanbid of egbreuk pleeg nie, want ons leef nie onder die nasie Israel nie. Die praktyk van steniging is bygevoeg weens die hardheid van hulle harte. Dit het hul eie denke weerspieël. Israel het die gebruik van steniging uit Egipte saamgebring.

> *"Maar Moses antwoord: Dit is nie reg om so te doen nie; want wat ons aan die HERE onse God offer, is 'n gruwel vir die Egiptenaars. As ons iets wat 'n gruwel is vir die Egiptenaars, voor hulle oë offer, **sal hulle ons dan nie stenig nie**?" Exodus 8:26*

> *"Toe het Moses die HERE aangeroep en gesê: Wat moet ek met hierdie volk doen? Dit skeel maar min **of hulle stenig my**." Exodus 17:4*

> *"Sê vir hulle: So waar as Ek leef, spreek die HERE, waarlik, soos **julle voor my ore gespreek** het, **so sal Ek aan julle doen**." Númeri 14:28*

> *"Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word." Matthéüs 7:2*

Vandag is ons onderworpe aan die wette van die land waarin ons woon. Romeine 13:1, 2. Hierdie konsep kan aanvanklik verwarrend wees, maar vir 'n meer gedetailleerde verduideliking, sien hoofstuk 8 van die boek, *Agape* (vadervanliefde.com) en hoofstuk 6 van die boek, *Father of Love* (fatheroflove.info). Beide kan gratis afgelaai word.

## 6. Is die Feeste deel van die Offerstelsel?

Die offerstelsel het al die gedetailleerde bepalings ingesluit vir watter soort dier nodig was vir verskillende soorte offers. 'n Lam van die eerste jaar as sondoffer; 'n bul as skuldoffer, 'n paar tortelduiwe vir die wat te arm is, ens. Daar was spesifieke prosedures wat uitgevoer moes word om die offer voor te berei, dit op die altaar te rangskik, wat om met die bloed en die as te doen, wat geëet kon word en of daar spys- of drankoffers ingesluit was, ens. En byna alles is gedoen met ’n meegaande offer—alles.

Die feeste, al die feeste van die Here, het sekere offers wat daarmee gepaard gegaan het. Uit Númeri 28 leer ons die volgende:

| | |
|---|---|
| **Sabbat:** | 2 lammetjies met spys- en drankoffers<br>Plus die oggend- en aandoffer |
| **Pasga:** | 2 bulle, 1 ram, 7 lammers, 1 bokkie en 'n Paaslam |
| **Ongesuurde brode:** | 2 bulle, 1 ram, 7 lammers, 1 bokkie,<br>plus oggendoffer vir 7 dae |
| **Pinkster:** | 2 bulle, 1 ram, 7 lammers, 1 bokkie, plus<br>oggendoffer |
| **Trompette:** | 1 bul, 1 ram, 7 lammers, 1 bokkie, plus<br>oggendoffer en maandelikse offer |
| **Versoendag:** | 1 bul, 1 ram, 7 lammers, 1 bokkie, plus 2 bokkies |
| **Loofhuttefees:** | 13 bulle, 2 ramme, 14 lammers, 1 bokkie, plus<br>die oggend se offer vir 7 dae, met een minder bul<br>elke opeenvolgende dag |

Al die feeste het brandoffers gehad, selfs die weeklikse sewende dag Sabbat.

## 7. Is die Sewende-dag Sabbat ‘n Insetting of ‘n Fees?

Die heel eerste fees wat in beide Levitikus 23 en Númeri 28 genoem word, is die fees van die weeklikse Sabbat.

> *”Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle:* ***Die feestye van die HERE*** *wat julle moet uitroep as heilige samekomste dit is* ***my feestye****. Ses dae lank kan werk gedoen word,* ***maar op die sewende dag is dit ‘n dag van volkome rus****, ‘n heilige vierdag; géén werk mag julle doen nie dit is ‘n sabbat van die HERE in al julle woonplekke.* ***Dit is die feestye van die HERE****, die heilige vierdae wat julle moet uitroep op hulle bepaalde tyd.” Levitikus 23:2-4*

> *“Maar op die sabbatdag* ***twee jaaroud lammers*** *sonder gebrek en twee-*

*tiendes van 'n efa fynmeel as **spysoffer**, met olie gemeng, en die **drankoffer** wat daarby behoort. Dit is die brandoffer van die sabbat op elke sabbat, **behalwe die voortdurende brandoffer** en die **drankoffer** wat daarby behoort." Númeri 28:9, 10*

Vier diere-offers en twee bykomende offers is elke sabbat gebring. Alhoewel die offers by die kruis afgeskaf is, is die Sabbat steeds onaangeraak, want dit is beide 'n herdenking en 'n tipe ('n tipe is 'n profetiese vooruitwysing). Die Sabbat van die skepping is die fondasie van 'n hele stelsel op sy eie, 'n stelsel van vloeiende Sabbatte, wat almal die weeklikse Sabbat as hul fondasie of bron het. Die sewende week, sewende maand, sewende jaar Sabbatte is afgelei van en het hul oorsprong in die weeklikse sewende dag Sabbat. Dit is 'n fontein van seën wat seisoene van geestelike verkwikking bring. Vir meer inligting hieroor sien die boek *Fontein van Seën,* gratis beskikbaar om af te laai vanaf *vadervanliefde.com*.

## 8. Hoeveel Sabbatte is daar?

- Aan die einde van ses werksdae is die sewende dag Sabbat van die Here.
- Eerste maand 15de dag is die eerste Ongesuurde Brode jaarlikse Sabbat.
- Na sewe dae is daar die tweede Ongesuurde Brode jaarlikse Sabbat.
- Aan die einde van sewe weke elke jaar is die Pinkster jaarlikse Sabbat.
- In die sewende maand, op die eerste dag is die jaarlikse Sabbat van Trompette.
- Op die tiende dag van daardie maand is die jaarlikse Versoendag Sabbat.
- Op die 15de dag van daardie maand is die eerste jaarlikse Loofhuttefees sabbat.
- Na agt dae is daar die tweede jaarlikse Loofhuttefees sabbat.
- Aan die einde van ses plantseisoene hou die land 'n Sabbatsrus.
- Na sewe landsabbatte hou die land nog 'n Jubeljaar-landsabbat. Dit vind plaas in die 50ste jaar wat lei tot twee opeenvolgende landsabbatte.
- Aan die einde van sesduisend jaar van sonde sal die aarde 'n sewende millennium hou, 1000 jaar van Sabbatsrus vir die hele wêreld.

Daar is baie Sabbatte!

Elke sewende jaar en elke 50ste jaar het die land Sabbat gehou waarin daar nie geplant is nie, boere het vakansie gehou en die land het gerus. Dit was ‘n offer, nie van vee nie, maar 'n offer van werk terwyl ons volkome vertrou het op die beloofde seën van Jehovah om 'n wonderwerk te doen in die sesde jaar, net soos Hy gedoen het op die sesde dag toe daar 'n dubbele porsie manna in die woestyn gegee is (Exodus 16). En op die sesde jaar van die sewende landsabbat is 'n driedubbele seën geskenk om hulle te onderhou deur die sewende (die 49ste) jaar en ook deur die 50ste Jubeljaar!

Moet ons die land elke sewende jaar en Jubeljaar laat rus? Moderne organiese tuiniers erken die wysheid om die land te laat rus, gewasse te roteer en die grond, met sy delikate ekosisteem, te laat herstel.

## 9. Wat is die Seën van die Sabbat?

> *“En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het. En God het die sewende dag **geseën** en dit **geheilig**, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak.” Genesis 2:2, 3*

> *”Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag **geseën** en dit **geheilig**.” Exodus 20:11*

Die sewende dag weeklikse Sabbat is deur God geseën en geheilig. Die Sabbat-seën strek egter tot al die bykomende Sabbatsbeginsels—die sewende week, die sewende maand, die sewende jaar, die sewende-sewende jaar, die jubeljaar. Dit is hoekom ons aanbeveel word om te leer om in sewes te tel.

Elke sewende jaar moes die land rus, “in die sewende jaar moet daar vir die land volkome rus wees, ‘n sabbat vir die HERE” Levitikus 25:4.

> *”dan gebied Ek my **seën** vir julle in die sesde jaar, en dit sal die oes vir die drie jare oplewer.” Levitikus 25:21.*

Soos die manna-seën op die sesde dag in Exodus 16, het hulle op die sesde jaar voor die 49ste jaar 'n driedubbele seën ontvang, genoeg om die mense vir drie jaar te onderhou (die 7de jaar landsabbat en die 8ste jubeljaar landsabbat) totdat 'n oes weer ingesamel kon word.

Die seën is ook voorsien vir diegene wat drie keer per jaar sou kom om vir die aangewese heilige samekomste bymekaar te kom.

> *“Die huttefees moet jy sewe dae lank hou … Sewe dae lank moet jy vir die HERE jou God fees hou op die plek wat die HERE sal uitkies; **want** die HERE*

*jou God **sal jou seën** in al jou inkomste en in al die werk van jou hande; en jy moet net maar vrolik wees. Drie maal in die jaar moet al jou manne voor die aangesig van die HERE jou God verskyn op die plek wat Hy sal uitkies; op die fees van die ongesuurde brode en op die fees van die weke en op die huttefees; en hulle mag nie met leë hande voor die aangesig van die HERE verskyn nie; elkeen volgens die gawe van sy hand ooreenkomstig die **seën** van die HERE jou God wat Hy jou gegee het."  Deuteronómium 16:13-17.*

Nie net die sewende dag en die sewende jaar nie, maar die sewende maand word onderskei as 'n spesiale tyd om te rus. Levitikus 23:24.

Die eerste dag van die sewende maand is die fees van Trompette, die enigste nuwemaanfees wat 'n sabbatsrus het, in Grieks is dit die woord ἀνάπαυσις (*anapousis*). Tien dae later is die Versoendag.

Die Versoendag is die enigste jaarlikse heilige samekoms wat 'n *Shabbat*-sabbat is. Soos die weeklikse Sabbat, is dit ook 'n dag waarop daar glad nie werk gedoen mag word nie. Daarom word dit "die sabbat van die sabbatte" genoem. Dit is ook die enigste plek in die Skrif waar uitdruklik leiding gegee word aangaande die tyd van die begin en einde van die sabbatdag. Lev.23:32.


*" 'n Dag van volkome rus moet dit vir julle wees, en julle moet jul verootmoedig. Op die negende van die maand in die aand, van aand tot aand, moet julle jul sabbat hou." Levitikus 23:32.*

Vir antieke Israel was dit die heiligste dag van die hele jaar. Van sononder tot sononder moes die mense hulle siele "verootmoedig." Om te versuim om dit daardie dag te doen, sou permanente skeiding tot gevolg hê. Vir geestelike Israel vandag is hierdie antitipiese "dag" 'n tyd van sobere voorbereiding en sielsreiniging, want aan die einde van hierdie tyd sal ons Hoëpriester die Allerheiligste verlaat om die plegtige uitspraak te maak: "Laat die heilige nog heiliger word.… wie vuil is, laat hom nog vuiler word." Openbaring 22:11.

Vyf dae later begin die sewe-dae-lange Loofhuttefees. Die eerste en laaste dae is Sabbatte vir *anapausis*, oftewel *'n verhoogde rus* soos in Levitikus 23:39:

*"Maar op die vyftiende dag van die sewende maand, as julle die opbrings van die land insamel, moet julle die fees van die HERE sewe dae lank vier; op die eerste dag is dit rusdag, en op die agtste dag is dit rusdag." Levitikus 23:39*

'n Vermeerdering van rus vind plaas in die sewende maand met vier van die sewe jaarlikse Sabbatte wat op daardie tyd plaasvind.




Die 8ste dag van die Loofhuttefees, genoem die Groot Dag (die hoofletter-G op die regterkant), geplaas na die 7-dae herfsfees, weerspieël die Pasga (die hoofletter-P op die linkerkant) geleë voor die 7-dae fees van Ongesuurde Brode in die lente.

Die Septuagint Griekse vertaling (LXX) van die Ou Testamentiese geskrifte gebruik slegs die woord *anapausis* vir die drie herfsfeeste.

> *"En die fees van die Jode, die huttefees, was naby … En toe dit al in die middel van die fees was, het Jesus opgegaan na die tempel en geleer … En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei." Johannes 7:2, 14, 37, 38*

Toe Jesus op die laaste dag van die Huttefees (of Loofhuttefees), op die Groot Dag, opgestaan en gesê het: "Hy wat dors het, kom na My toe en drink!" het Hy die uitnodiging herhaal wat Hy in Mattheus 11:28 gegee het, "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle *rus* gee." Die Griekse woord vir *"rus"* hier is *ἀναπαύσω"*— Ek sal jou *anapausis* gee—Ek sal jou *rus* vermeerder. Hierdie verhoogde rus wat deur die Sabbatsafsprake ontvang word, onderskei die wyse maagde van die dwase maagde, waarvan Jesus gepraat het in 'n gelykenis wat in Matthéüs 25:1-13 gevind word. Die wyses het ekstra olie, wat God se Heilige Gees (Sy onbaatsugtige teenwoordigheid) verteenwoordig, in hulle houertjies gehad. In Bybelse simbole en profetiese visioene verteenwoordig 'n vrou, God se kerk/mense (Jeremia 4:31; 6:2; Jesaja 51:16; 2 Korinthiërs 11:2).

In Openbaring 12 sien ons 'n beeld van God se volk, weereens voorgestel deur 'n pragtige vrou, wat "beklee is met die son en die maan onder haar voete." Hulle weet dat die Here die maan vir seisoene (die vasgestelde tye) bepaal het.

> *"Hy het die maan gemaak vir die vaste tye; die son ken sy tyd om onder te gaan." Psalm 104:19*

> *"En God het gesê: Laat daar ligte wees aan die uitspansel van die hemel, om skeiding te maak tussen die dag en die nag; en laat hulle dien as tekens*

*sowel vir vaste tye, asook vir dae sowel as jare." Genesis 1:14*

Die Hebreeuse woord vir "seisoene" hier is *moédim* wat letterlik "vasgestelde tye" of "Heilige Feeste" beteken. Let op hoe die gewilde 'Strong's Concordance' *moédim* definieer:

> "Strong's Concordance H4150 From H3259; properly an appointment, that is, a fixed time or season; **specifically a festival**."

In die *Holman Christian Standard Bible* word dit so vertaal (en dan weer na Afrikaans vertaal): "Hulle sal dien as tekens vir **feeste** en vir dae en jare." In die voetnota staan daar: "*Of vir die vasgestelde tye*."

Christus is "die Here van die Sabbat" (Markus 2:28) en dit is Sy Gees wat elke sewende keer in die harte kom van diegene wat op Hom wag. Elke sewe is 'n voorbereiding vir die laaste sewe wanneer die millennium van rus begin. Soos ons elke sewe aangryp, ontvang ons meer olie in ons houers om voorbereid te wees vir die uitroep om middernag: "Gaan uit Hom tegemoet!" (Matthéüs 25:6). Diegene wat tydens elke sewe gewaak en gewag het, sal diegene wees wat voorbereid is op die finale krisis. Hulle sal gereed wees vir die finale Jubeljaar. God se volk sal daardie Jubeljaar by die wederkoms van Christus hou. Die Jubeljaar (wat elke 50 jaar plaasgevind het) het altyd tydens die Versoendag begin:

> *"Dan moet jy in die sewende maand, op die tiende van die maand, 'n basuingeklank laat deurgaan; op die **versoendag** moet julle die basuin deur julle hele land laat gaan." Levitikus 25:9*

In die dae van Noag het God se Gees vir 120 jaar by die mense gepleit. (Genesis 6:3; 1 Petrus 3:18-20) Jesus het voorspel dat die laaste dae net soos die dae van Noag sal wees (Matthéüs 24:37-39). Dink u dit is toevallig dat een Jubeljaar/50 x 120 jaar = 6000 jaar? Dus, om die mense 120 jaar te gee om te bekeer gedurende die tyd van Noag, verteenwoordig dit God wat die mensdom 'n totaal van 120 Jubeljare gee om hulle te bekeer (6000 jaar), dus sal die millennium die 7de 1000-jaar wees - 'n Sabbat van sabbatte!

Beteken dit nie dus dat hierdie 'Sabbat-Sewe-Beginsel' steeds van toepassing sal wees in hierdie laaste dae wanneer ons die finale fase van die hemelse Versoendag nader nie?

## 10. Waarom sal ons die Weeklikse Sabbat Onderhou, maar nie die Ander nie?

Die weeklikse Sabbat is beveel (in die sin van *onderrig*) om onderhou te word in die Ou Testament; dit word nie op sigself in die Nuwe Testament beveel nie,

wat beteken dat daar geen gebod is wat sê "Gedenk die Sabbatdag" nie. Tog, die voorbeeld van Jesus en die apostels getuig egter van die voortdurende belangrikheid en geldigheid daarvan. In die Nuwe Testament was die debatte rakende die Sabbatsvraag nooit oor "indien" of "wanneer" ons dit moet onderhou nie, maar "hoe" ons dit moet onderhou. Almal het geweet ons moet dit steeds onderhou. Net so is die jaarlikse Sabbatte in die Ou Testament beveel om onderhou te word; maar word weereens nie op sigself in die Nuwe Testament herhaal nie, maar die voorbeeld van Jesus en die apostels getuig van hul voortgesette belangrikheid en geldigheid.

Hier sien ons die erfenisbeginsel. Soos Christus die gesag van Sy Vader geërf het, so erf die jaarlikse Sabbatte die werklikheid van die weeklikse Sabbat. Daar is diegene wat die erfdeel van die Seun van God ontken; ander ontken die erfenis van die jaarlikse Sabbatte. Albei mis 'n groot seën.

Baie mense probeer om die Goddelikheid en Gesag van Christus as onafhanklik van Sy Vader te bewys, en net so probeer baie om die jaarlikse Sabbatte onafhanklik van die weeklikse Sabbat te bewys en ook te weerlê. Wanneer ons die sleutel van die erfenis in die Seunskap van Christus het, dan kan ons die geseënde erfenis ontsluit wat in die jaarlikse Sabbatte vanaf die weeklikse Sabbat gevind word. Die sewende-dag Sabbat is beide 'n herdenking en 'n tipe (die tipe wys vooruit). Elke sewe dae aanbid ons die Skepper vir Sy groot skeppingskrag, en die weeklikse Sabbat het sy anti-tipes (die anti-tipe is die vervulling van die profetiese tipe) in die sewende week, die sewende maand, die sewende jaar, die sewende landsabbat en die sewende millennium. So ook is die jaarlikse Sabbatte beide herdenkings en tipes. Alhoewel daar ook offers met hulle geassosieer word, het hulle toepaslikheid voortgeduur toe die offerstelsel by die kruis afgeskaf is, want dit is beide gedenktekens en tipes.

**Die Feeste as Gedenktekens**

Mettertyd het die feeste begin om gebeure in die ervaring van antieke Israel te herdenk. Dus,

- **Pasga** herdenk die laaste nag in Egipte en verlossing van Farao.
- **Ongesuurde Brood** herdenk die eenvoudige voedsel wat hulle gehad het toe hulle Egipte verlaat het.
- **Pinkster** herdenk die teenwoordigheid van God en Sy Seun op die berg Sinai toe hulle 50 dae nadat hulle Egipte verlaat het, by Sinai aangekom het.

Die herfsfeeste word minder duidelik geassosieer met 'n bekende gebeurtenis daardie jaar van die Uittog uit Egipte. Noudat hulle bevry was uit Egipte, was

die eerste Versoendag vir hulle daardie herfs gehou? Is trompette tien dae tevore geblaas? Die heiligdom se tent sou eers gebou moes word. Sou dit betyds klaar gewees het? Moses was 80 dae op die berg en daar is net sowat 130 dae (plus-minus) tussen Pinkster en die Versoeningsdag. Moses sou beslis oor die werk moes toesig hou. Daar is net geen gedetailleerde tydsberekening van wanneer dit daardie jaar kon gebeur het nie. Ons moet ook die afvalligheid met die goue kalf en die verwydering van die Heiligdom uit Israel oorweeg, wat hul voorwaartse vordering benadeel het. Het dit enige uitwerking op hulle aanbidding van Jehovah gehad? Dit het heel waarskynlik. Word ons aanbidding vandag beïnvloed, wanneer ons hierdie herfsfeeste as onbelangrik ag? Heel waarskynlik.

Van toe af het hulle die Loofhuttefees herdenk omdat hulle vir 40 jaar in tente in die woestyn gewoon het. Maar dit het begin die oomblik toe hulle Egipte verlaat het, of ten minste toe hulle Elim, hul eerste verlengde kampplek, bereik het. Later was dit gekoppel aan die herfs-koringoes, maar dit het nie begin voordat hulle in Kanaän gevestig was nie. En die lente se eerstelingsgerf het ook 'n gevestigde gars-oes vereis - iets wat nie tydens hulle verblyf in die woestyn plaasgevind het nie. Die herfstipes het net nie gepaste geleenthede waaraan gedenkgeleenthede gekoppel kan word nie.

## Die Feeste as Tipes

Die feeste was nie net gedenktekens nie, maar ook tipes, of vooruitskouings. Behalwe dat dit gedenktekens van vorige historiese gebeure was, was dit voorspellings van toekomstige vervullings. Die lentefeeste het die dood, begrafnis en opstanding en inhuldiging van die komende Messias as Hoëpriester in die Heilige Plek van die hemelse Heiligdom voorspel (Hebreërs 8:1,2). Hierdie eerste vertrek van die Heiligdom het die sewe-arm *Menora* (die kandelaar), die Tafel van Toonbrode en die Wierookaltaar bevat. Jy kan die pad van ons Hoëpriester volg deur hierdie vertrek wat by die Menora begin wanneer jy Openbaring 1:12, 13 lees. Hierdie Menora is naby die Tafel van Toonbrode (wat die troon van God verteenwoordig; vgl. Matthéüs 19:28; Lukas 22:30) Openbaring 4:1,5. Hierdie tafel het twee goue kranse gehad wat die Vader en Sy Seun voorstel (Exodus 25:23-25; Openbaring 22:1,3). En dan is daar die wierookaltaar in Openbaring 8:3,4. Die wierook verteenwoordig die verdienste van Christus wat gemeng word met die gebede van Sy kinders namate ons meer en meer soos Hy word.

Die herfsfeeste was in afwagting van Christus se finale werk in die Allerheiligste en Sy wederkoms om die aarde te oes. In die Allerheiligste was die Ark van die

Verbond. Openbaring 11:18, 19 vertel van ons Hoëpriester, wanneer Hy daardie vertrek binnegegaan het om 'n oordeelswerk te verrig.

## Pasga

Toe die Pasga-tipe (die tipe wys vooruit) die antitipe (die antitipe volbring profesie van die tipe) ontmoet het tydens die dood van Jesus, die Lam van God, was daar geen verdere behoefte aan diere-offers nie. Deur Sy dood sou Hy "slagoffer en spysoffer laat ophou." Daniël 9:27. Die slagoffers vind hul oorsprong in ons ingesteldheid om God se toorn tot bedaring te bring met offers. Om voort te gaan met die offers, wat God *nooit* vir vergifnis vereis het nie (Psalm 40:6), sou beteken dat die offer van Christus verontagsaam word. Maar 'n herdenking van Sy offer bly in die seremonies van die nagmaal, doop en die verordening van voetewas. Die Nagmaal bevat ook rituele en seremonies, en as dit uitgevoer word sonder inagneming van die ware betekenis daarvan, kan dit betekenisloos en leeg word. Om bloot die *ongesuurde* brood te "eet", die *ongegisde* druiwesap te "drink" sonder om "Sy Woord te ontvang en Sy wil te doen", sou ook 'n belediging vir Jehovah wees (Johannes 6:47-56; 1 Korinthiërs 5:7-8).

Die Pasga herdenk ook die verbond wat God met Abraham gesluit het in Genesis 15. Israel het op dieselfde dag uit Egipte gekom. Dit openbaar duidelik dat, alhoewel die nasionale fees van die Jode met die verlossing uit Egipte vir ewig sou verbygaan, die herdenking van die ewige verbond met Abraham steeds voortgegaan het. Dieselfde geld vir die Sewendedag Sabbat. In Deuteronómium 5:15 moes Israel die Sabbat gedenk as 'n bevryding van hulle nasionale slawerny. Hierdie spesifieke toepassing is by die kruis afgeskaf, maar die vorige gedenkteken van die skepping het voortgegaan (Genesis 2:1-3; Exodus 20:8-11; Hebreërs 4:1-11); want skepping en verlossing is beide die skeppingswerke van God (2 Korinthiers 5:17).

## Ongesuurde Brood

Die ongesuurde brode is steeds 'n simbool gedurende die nagmaal. Hierdie deel van die Pasga-seremoniële diens het beide as 'n **herdenking en tipe** voortgeduur. Dit wys terug na die sondelose lewe wat Christus geleef het en dit wys vorentoe na die oorwinning oor sonde wat Hy belowe om te gee aan diegene wat na die Gees wandel, wanneer hulle saam met Hom sal aansit by die bruilofsmaal van die Lam en Christus so Sy belofte vervul dat Hy nie van die ongesuurde brode sal eet of van die vrugte van die wingerdstok sal drink nie, totdat Hy dit nuut in Sy Vader se koninkryk doen wanneer Pasga "vervul" is. Lukas 22:16,18; 26-29.

## Pinkster

So ook sien ons nog steeds uit na die finale uitstorting van die Gees ten tyde van die Laatreën, wanneer die Pinksterdag dan werklik "ten volle aangebreek" het. Dit was ná die Pinksterdag dat Petrus gesê het: "Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en **tye van verkwikking** van die aangesig van die Here mag kom, en Hy Hom mag stuur wat vooraf aan julle verkondig is, naamlik Jesus Christus," Handelinge 3:19,20. Hy het 'n tyd in die toekoms verwag wanneer die teenwoordigheid van die Here gemanifesteer sou word deurdat Jesus gestuur word tydens 'n wonderlike tyd van verkwikkende reën, die Laatreën.

Tot dusver is vyf gebeurtenisse presies op een van die vasgestelde tye vervul.

1. Christus het op Pasga gesterf;
2. Hy het in die graf gerus sonder om verderwing te sien as die ware Brood uit die hemel op die eerste dag van ongesuurde brode;
3. Hy het uit die graf opgestaan op die dag van die eerstelingsgerf; (nie 'n fees nie maar 'n vasgestelde tyd)
4. Hy het die gawe van sy Gees uitgestort op Pinksterdag; en
5. Hy het as ons Hoëpriester in die Heilige Plek van die hemelse heiligdom ingegaan "om vir hulle [ons] in te tree" (Hebreërs 7:25).

## Trompette en Versoendag

Nou kom ons by die herfsfeeste en hul antitipiese vervulling. As die lentefeeste op die regte tye tydens die feesdae vervul is, dan moet ons dieselfde verwag van die herfsfeeste. Ons het vroeër kortliks genoem dat Christene wêreldwyd gedurende die middel 1800's die vervulling van Trompette en Versoening verwag het. Hulle het die akkuraatheid van die sewe basuine wat in die boek Openbaring opgeteken is, gevolg en bestudeer, soos hulle deur die geskiedenis vervul is, met die laaste van hierdie basuine wat tydens 'n tyd van oordeel en die opening van die Allerheiligste in die hemel geblaas is (Openbaring 11:15-19). Hulle het die verband tussen Daniël hoofstukke 8 en 9 besef en hoe die tydprofesie in hoofstuk 9 'n verduideliking is van die tydprofesie van die 2300 aande en môres in hoofstuk 8 wat nie vervul sou word nie, of selfs verstaan sou word tot "die tyd van die einde" (vgl. Daniël 8:14, 26, 27; 9:21-24; 12:4, 9).

Hulle het die moderne leerstelling verwerp dat die vermelding van "aande en môres" na die oggend- en aandoffers verwys het. Die term "aande en môres" verwys altyd na 'n 24-uur dag, want, soos Genesis hoofstuk 1 ons vertel, 'n Bybelse dag begin teen die aand. Om die frase om te draai na "môres en

aande” sal die Bybelse konsep van die oggend- en aandoffers weerspieël. Diegene wat leer dat die 2300 dae (of aande en môres) na die twee daaglikse offers verwys, beweer dat die reiniging van die heiligdom gekom het in die tyd toe die Makkabeërs die tempel herower en dit gereinig het van al die heidense afgode wat deur Antiochus Epifanes en sy leër opgerig is in 165 v.C. Hierdie ontheiliging van die tempel was bekend as “die gruwel wat verwoesting bring” waarvan Daniël gepraat het (Daniël 9:27; 11:31; 12:1). Alhoewel ons 'n paar historiese parallelle met hierdie gebeurtenis kan trek, aangesien die 2300 aande en môres nie tot “die tyd van die einde” sou strek nie, kon dit nie in 165 v.C vervul gewees het nie. Byna 200 jaar later het Jesus daarvan gepraat dat dit nog in die toekoms is vanaf Sy dag (Markus 13:14).

Hierdie 19de eeuse gelowiges het 'n duidelike verband gesien met die reiniging van die heiligdom wat in Daniël 8:14 genoem word met die reiniging van die heiligdom wat plaasgevind het op die Versoendag wat in Levitikus hoofstuk 16 uiteengesit word. Hulle het die “middernagtelike geroep” gegee: “Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet!” (Matthéüs 25:6).

Nadat hulle uitgepluis het hoe om die 70-weke-profesie (in Daniël 9) te gebruik om die 2300 aande en môres van hoofstuk 8 verduidelik, het hulle erken dat hierdie tydperk begin by die bevel deur koning Artasásta om Jerusalem in 457 v.C. te herstel en te herbou (Daniël 9:25; Esra 7:11-26). Hierdie berekening het hulle dus na die jaar 1844 n.C. gebring. Maar omdat hulle geglo het dat Jesus sou terugkeer en die aarde deur vuur sou reinig, het hulle die betekenis van “die heiligdom” verkeerd verstaan en gedink dat dit op die aarde van toepassing was.

Die jaar 1844 was die 37ste jubeljaar vanaf die hemelvaart van Christus na die hemel 40 dae na Sy opstanding in 31 n.C. Die oorvleueling van presies 49-jubeljare tussenposes tussen die hemelvaart van Christus om bediening in die Heilige op Pinkster te begin en toe Hy Sy werk in die Allerheiligste begin het, presies 37 jubeljare later (37 x 49 = 1813 + 31 AD = 1844), is 'n kragtige bevestiging dat ten minste die jaar wat die 2300 jaar profesie van Daniël 8 beëindig, reg en seker is. Sommige verwag 'n 3de tempel in Jerusalem om hierdie profesie te vervul, maar dit sou eintlik die 4de tempel wees. Die waarheid is, God se ware heiligdom is Sy volk: “Of weet julle nie dat julle liggaam ‘n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is…?” 1 Korinthiërs 6:19; 3:17.

Moet die finale oordeel en reiniging van die hemelse en aardse heiligdomme (ons liggaamstempels) nie op 'n jaarlikse Versoendag begin nie? Dit sal dan sekerlik ooreenstem met die patroon wat deur die Lentefeeste vasgestel is.

Maar moet die Versoendag in een enkele dag vervul word? Pasga en Christus se dood het op 'n enkele dag saamgeval; die uitstorting van die Heilige Gees en Petrus se preek het op Pinksterdag plaasgevind. Waarom sou die antitipe-vervullings ten tyde van Sy wederkoms nie ook net so vervul word soos dié by Sy eerste koms nie?

Maar was die lentefeeste in 31 n.C. *heeltemal* vervul? Was die Pinksterdag soos beskryf in Handelinge 2 die vroeë of laat reëns? Daar is twee reëns; dit is seker: Deuteronómium 11:14; Joël 2:23; Sagaría 10:1; Jakobus 5:7. Hierdie laat reëns hou veral verband met die uitwissing van sondes (Versoendagtaal) en die komende finale millennium en nuwe aarde (Loofhuttefees). "Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom, en Hy Hom mag stuur wat vooraf aan julle verkondig is, naamlik Jesus Christus," Handelinge 3:19,20. Dit dui daarop dat daar 'n herhaalde vervulling van die feeste aan die einde van die tyd sal wees. Selfs 'n laaste Pasga-geleentheid (wat deur Jesus in Lukas 22:16,18 genoem word) kan op 'n werklike jaarlikse Pasga plaasvind wanneer daar weereens 'n doodsvonnis uitgespreek sal word oor diegene wat weier om enigiemand te aanbid, behalwe "Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het" (Openbaring 14:7) en wat weier om 'n merk in hul hand of voorkop te aanvaar (Openbaring 13:15).

Miskien het 1844 die begin van die hemelse Versoendag aangedui en een of ander toekomstige Versoendag sal die einde van dienste in die Allerheiligste en die uitspraak van Openbaring 22:11 aandui. Kan die finale Trompette, Versoendag en Loofhuttefees binne 15 dae plaasvind? Dit is iets om te oorweeg. Hou die feesdae dop!

**Loofhuttefees of Huttefees**

Die Fees van Insameling is die laaste en enigste fees wat nog nie die antitipe ontmoet het nie. Dit sal vervul word by die wederkoms. Dit is beslis nie afgeskaf by die kruis nie. Sal dit die laaste vasgestelde tyd wees om die gebeure aan te dui wat ná die wederkoms van Christus in die wolke met Sy insamelende sekel sal plaasvind? Dit wil so lyk (vgl. Sagaría 14:1-5, 9, 12-16; Openbaring 20; 21:1-3). Jesus het gesê: "Wees waaksaam en wees gereed." Om na die nuwemane te kyk om te weet wanneer die 7de maand aanbreek, kan deel van daardie waaksaamheid wees. Dit is moontlik. Ek dink ek sal daaraan aandag gee, net vir ingeval.

## 11. Het God die Feeste Afgeskaf?

Ja en nee. Toe die noordelike stamme van Israel van Juda en Benjamin afgeskei het, het Jerobeam die tydsberekening van die herfsfeeste van die sewende tot die agtste maand verander en alternatiewe sentrums van aanbidding in Dan en Bet-el gevestig. Die plekke is versier met 'n paar goue kalwers.

> *"En Jeróbeam het 'n fees gehou in die **agtste maand**, op die **vyftiende dag van die maand, soos die fees wat in Juda was**, en op die altaar geklim. So het hy in Bet-el gedoen en geoffer aan die kalwers wat hy gemaak het, en ook in Bet-el priesters aangestel vir die hoogtes wat hy gemaak het. En hy het geklim op die altaar wat hy in Bet-el gemaak het, op die vyftiende dag in die **agtste maand**, in die maand **wat hy uit sy eie hart versin het**, en vir die kinders van Israel 'n fees ingestel en op die altaar geklim om offerrook te laat opgaan." Konings 12:32-33*

Vir Noord-Israel het die "feeste van die HERE" beslis tot 'n einde gekom soos geprofeteer deur die profeet Hosea.

> *"En Ek maak 'n einde aan al haar vreugde, haar feeste, haar nuwemane en haar sabbatte, ja, aan al haar feestye." Hosea 2:10*

Jehovah sou dit beëindig op 'n baie duidelike manier …

"haar feeste" (חַגָּהּ hag-gath, ἑορτὰς *heortas* in die LXX)
**jaarlikse**

"haar nuwemane" (חָדְשָׁהּ ḥṓ-ḏə-šhāh, νουμηνίας noumenias LXX)
**maandelikse**

"haar sabbatte" (שַׁבַּתָּהּ šhab-bat-t, σάββατα sabbata LXX) en
**weeklikse**

"al haar feestye" (מוֹעֲדָהּ mo'ed, πανηγύρεις panegureis LXX)
**daagliks en ook al die bogenoemde**

Hosea het in die noordelike koninkryk van Israel gewoon en is deur God opdrag gegee om 'n profesie uit te voer aan die eiesinnige stamme.

> *"Toe het hy gegaan en Gomer, die dogter van Diblaim, geneem; en sy het swanger geword en vir hom 'n seun gebaar. En die HERE het vir hom gesê: Noem hom Jísreël, want nog 'n klein tydjie, dan sal Ek die bloedskuld van Jísreël aan die huis van Jehu besoek en '**n einde maak aan die koninkryk van die huis van Israel.** Hosea 1:3,4.*

In 722 v.C. is die noordelike stamme deur Assirië in ballingskap geneem, om nooit weer terug te keer nie. 130 jaar later het Babilon die suidelike koninkryk van Juda vir 70 jaar van ballingskap weggevoer. Maar Juda het teruggekeer

onder Esra en Nehemía en die feeste herstel, veral die Loofhuttefees.

> *"En die hele vergadering wat uit die gevangenskap teruggekom het, het **hutte** gemaak en in die hutte gewoon; want van die dae van Jésua af, die seun van Nun, tot op daardie dag het die kinders van Israel nie só gedoen nie; en daar was baie groot blydskap." Nehemía 8:18*

Selfs die Hebreërs, die Jode, die kinders van Israel, het vir baie eeue nie die feeste gehou nie. En toe is hulle herstel. Net soos die ou paaie vandag herstel word (Jesaja 58:12-14).

## 12. Hoeveel Wette is daar?

Een van die eerste aanduidings dat daar 'n aantal wette is, kom uit die Here se woorde oor Abraham, meer as 400 jaar voor die wet (die Tora) by die berg Sinai uitgespreek is: "…omdat Abraham na my stem geluister en my ordening, my gebooie, my insettinge en my wette [Tora] onderhou het." Gen.26:5. Saam met Sy wette was daar ook gebooie en insettinge. Abraham het die tien gebooie-beginsels onderhou deur slegs die ware God, Skepper van hemel en aarde te aanbid, die lewe en eiendom van ander te respekteer in sy redding van Lot en al sy goed, hy was getrou aan Sara tot die dood hulle geskei het – hy was selfs gehoorsaam aan haar aanbod van Hagar, terwyl hy ook nie die vrugbare stede van die vlakte begeer het nie.

Maar het Abraham die Sabbat onderhou? Sommige sê nee omdat daar geen spesifieke melding daarvan is nie. Maar in Exodus 16 stel God Israel, wat pas Egipte verlaat het, weer aan Sy weeklikse Sabbat voor. Sommige het dit waargeneem terwyl ander geweier het. Gevolglik sê God, "Hoe lank weier julle om **my gebooie** en **my wette** te onderhou?" Vers 28. Hy het dit gesê omdat hulle geweier het om die Sabbat te hou. Maar in die verwysing na Abraham het Hy gesê dat Abraham Sy gebooie en wette *onderhou* het, daarom moes Abraham die Sabbat onderhou het.

Watter insettinge het Abraham onderhou? Hy het tiendes aan Melgisédek betaal en offers aan die Here gebring. Hy het homself besny, asook sy seuns en al die manspersone in sy huisgesin. Hy het selfs die voete van besoekende vreemdelinge gewas en vir hulle 'n maaltyd van rein vleis en ongesuurde brode bedien.

Gebooie, insettinge en wette. Dit is soortgelyk aan 'n ander kombinasie wat gereeld in die Pentateug voorkom: gebooie, insettinge en verordeninge.

> *"Toe het Hy aan julle sy verbond verkondig wat Hy julle beveel het om te doen, die tien woorde, en dit op twee kliptafels geskrywe. Ook het die **HERE my in dié tyd bevel gegee** om julle die **insettinge en verordeninge** te leer,*

*dat julle dit kan doen in die land waarheen julle oortrek om dit in besit te neem." Deuteronómium 4:13, 14*

*"Dit is dan **die gebod, die insettinge en die verordeninge** wat **die HERE julle God beveel het** om julle te leer, sodat julle dit kan doen in die land waarheen julle oortrek om dit in besit te neem;" Deuteronómium 6:1*

*"Hou dan die **gebod en die insettinge en die verordeninge** …" Deuteronómium 7:11, 12*

En behalwe die noue verbintenis van hierdie drie, let ook op na die gebooie, insettinge en verordeninge, dat al drie God s'n is; dit is Syne, hulle behoort aan Hom.

*"Julle moet die **gebooie van die HERE julle God** en **sy getuienisse en sy insettinge** wat Hy jou beveel het, ywerig onderhou." Deuteronómium 6:17*

*"Daarom moet jy die HERE jou God liefhê en altyd **sy ordening, sy insettinge sowel as sy verordeninge en sy gebooie onderhou**." Deuteronómium 11:1*

*"Vandag het jy die HERE laat verklaar dat Hy vir jou 'n God sal wees, en dat jy in **sy weë** moet wandel en **sy insettinge en sy gebooie en sy verordeninge** moet hou en na sy stem moet luister." Deuteronómium 26:17*

*Wat ek jou vandag beveel, is om die HERE jou God lief te hê, in **sy weë** te wandel en **sy gebooie en sy insettinge en sy verordeninge** te hou,.." Deuteronómium 30:16*

*"**My verordeninge** moet julle doen en **my insettinge** hou om daarin te wandel. Ek is die HERE julle God. Hou dan **my insettinge** en **my verordeninge** wat die mens moet doen, dat hy daardeur kan lewe. Ek is die HERE." Levitikus 18:4, 5*

Maar hierdie insettinge, verordeninge en wette word ook die wet van Moses genoem omdat dit aan Moses gegee is om aan Israel te gee:

*"Dit is die **insettinge en die verordeninge en die wette wat die HERE** tussen Hom en die kinders van Israel by die berg Sinai **deur die diens van Moses gegee het**." Levitikus 26:46*

*"En dit is die wet wat **Moses** die kinders van Israel voorgehou het. Dit is die getuienisse en die insettinge en die verordeninge wat **Moses** meegedeel het aan die kinders van Israel by hulle uittog uit Egipte..." Deuteronómium 4:44-45*

Die boek Nehemía sê duidelik dat die "wetboek", "die wet van Moses" en die "wet van God" een en dieselfde is:

*"En toe die sewende maand aankom, terwyl die kinders van Israel in hulle stede was, het die hele volk soos een man op die plein voor die Waterpoort bymekaargekom en aan Esra, die skrifgeleerde, gesê om die **boek van die***

*__wet van Moses__, wat die HERE Israel beveel het, te bring. En Esra, die priester, het die wet voor die vergadering gebring, manne sowel as vroue en almal wat met verstand kon luister, op die eerste dag van die sewende maand. [Fees van Trompette] … en die ore van die hele volk was op die __wetboek__ gerig … En hulle het **uit die boek, uit die __wet van God__**, duidelik voorgelees en dit verklaar, sodat hulle verstaan het wat voorgelees is." Nehemía 8:1-4, 9*

Moses was die kanaal, die instrument deur wie, vanuit wie, die wet gegee is. Die insettinge en verordeninge is gedetailleerde voorbeelde, versterking of vergroting, wat die algemene beginsels in die Tien Gebooie verduidelik. So het Christus ook gekom om die wet te versterk en te verheerlik (Jesaja 42:21) en Hy het ook op die berg geklim en die mense die wet in meer besonderhede geleer (Matthéüs 5).

Die Vader se wet is van die berg Sinai af deur die Seun van God gespreek (Exodus 20:1); Hy is die Woord van God (Johannes 1:1-3, 14; Openbaring 19:13). Jesus sê in Johannes 12:49: "Want Ek het nie uit Myself gespreek nie; maar die Vader wat My gestuur het, Hy het My 'n gebod gegee wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek." Paulus sê die wet "is bygevoeg weens die oortredinge" en "dit is deur engele beskik deur tussenkoms van 'n middelaar." Galásiërs 3:19. Hierdie middelaar is niemand anders as Jesus nie; "Want daar is een God en *een Middelaar* tussen God en die mense, die mens Christus Jesus," 1 Timótheüs 2:5. Die engele waarna Paulus verwys, is die "heilige tien duisende" waarmee God op die berg Sinai gekom het toe daar "aan sy regterhand … vlammende vuur vir hulle" was. Deuteronómium 33:2. Neem ook notisie dat die woord "bygevoeg" in Galásiërs 3:19 ook vertaal kan word as "spreek"— die wet "is *gespreek* weens die oortredinge." Dit is dieselfde Griekse woord wat in Hebreërs 12:19 vertaal word as "spoken" (sien KJV) of "toegevoeg" (sien AFR53) wat na dieselfde gebeurtenis verwys. Dit is ook dieselfde Griekse woord wat in die Septuagint (LXX) van Deuteronómium 5:22 gebruik word waar dit sê, "Met hierdie woorde het die HERE julle hele vergadering op die berg, uit die vuur, die wolk en die wolkedonkerheid met 'n groot stem <u>toegespreek</u>, en niks meer nie; en Hy het dit op twee kliptafels geskrywe en dit aan my gegee."

Die gebooie en insettinge is innig aan mekaar verbonde.

*"En jy moet **__sy__ insettinge en __sy__ gebooie** hou…" Deuteronómium 4:40*

*"dat jy die HERE jou God kan vrees om al **__sy__ insettinge en __sy__ gebooie** wat ek jou beveel…" Deuteronómium 6:2*

*"Daarom moet jy na die stem van die HERE jou God luister en **__sy__ gebooie en***

*<u>**sy**</u> **insettinge** volbring wat ek jou vandag beveel.” Deuteronómium 27:10 Sien ook Deuteronómium 28:15; 30:9, 10*

Die boek van die wet het beide die Tien Gebooie en die insettinge bevat. Toe Dawid die koninkryk aan sy seun Salomo oorgee, het hy hom aangeraai: “…onderhou die ordening van die HERE jou God deur te **wandel in sy weë**, deur **sy insettinge**, **sy gebooie** en **sy verordeninge** en **sy getuienisse** te onderhou, <u>soos geskrywe is in die wet van Moses</u>.” 1 Konings 2:3.

> *“En as hy [die koning] op die troon van sy koninkryk sit, moet hy **vir hom ‘n <u>afskrif van hierdie wet in ‘n boek</u> skrywe**, **uit dié wat voor die Levitiese priesters lê**; en dit moet by hom wees, en hy moet al die dae van sy lewe daarin lees, dat hy kan leer om die HERE sy God te vrees **deur al die woorde van <u>hierdie wet en hierdie insettinge</u> te hou**, om dit te doen;” Deuteronómium 17:18, 19*

Die kopie van die wet in die boek het “hierdie wet en hierdie insettinge” bevat. So is die wet van Tien Gebooie in die wetboek opgeneem vir toegang en verwysing deur die priesters en die koning. Die oorspronklike wet was binne-in die ark. Dit was nie aan die publiek vertoon nie. Niemand sou weet wat die Tien Gebooie gesê het as dit in die ark gebly het nie. 'n Afskrif is in die boek van die wet ingesluit.

> *“En toe hulle die geld uithaal wat in die huis van die HERE gebring was, het die priester Hilkía **die wetboek van die HERE gevind wat deur die diens van Moses gegee is**… En toe die koning [Josia] die woorde van die wet hoor, het hy sy klere geskeur… omdat ons vaders die woord van die HERE nie gehou het om te handel volgens alles wat in hierdie boek voorgeskrywe is nie.” 2 Kronieke 34:14, 19, 21*

In 2 Kronieke 17:9 stuur Jósafat Leviete “met die wetboek van die HERE by hulle” dwarsdeur die land om die mense te leer. Hierdie boek was veel meer as bloot die wet van Moses. Dit het Exodus 20-23 ingesluit, wat die Tien Gebooie, die insettinge en verordeninge bevat.

## 'n Teken op die Hand en Voorkop

> *Lê dan **hierdie woorde van my weg in julle hart en in julle siel**, en bind dit as ‘n **teken op julle hand en laat dit as ‘n voorhoofsband tussen julle oë [op die voorkop] wees**,” Deuteronómium 11:18*

Watter woorde? Die woorde wat ‘n teken op jou hand en op jou voorkop is. In Openbaring 7:1-3 word die “seël van die lewende God” op die voorhoofde van die diensknegte van God geplaas. In Jesaja 8:16 word gesê dat hierdie seël God se wet is. Hebreërs 8:10 herhaal die Nuwe Verbond se belofte van Jeremia 33 waar God belowe om Sy wet in ons harte en verstand te skryf. In Openbaring

14:1 verskyn hierdie seël as die "naam" (of "karakter") van die Vader, weer op die voorkop [*sien die KJV vertaling*]. God het gesê, "Luister na My, julle wat die **geregtigheid** ken [intiem ervaar], volk in wie se <u>hart</u> **my wet** is!" Jesaja 51:7. Hier sien ons dat die wet 'n kopie is van die Vader se eie karakter van geregtigheid. In vers 6 sê Hy "my geregtigheid" sal "nie verbreek word nie." Om van God se wet ontslae te raak, is om van God self ontslae te raak. Openbaring 14:1 openbaar dat die Vader se naam (karakter) op ons voorkoppe geskryf is, en daarna leer ons uit verse 9-12 iets wat werklik wonderlik is:

> *"… As iemand die dier en sy beeld aanbid en **'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang**, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn,.. Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die **gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar**."*

Hierdie verse openbaar duidelik dat "die merk van die dier" iets te doen het met verwerping van "die gebooie van God en die geloof in Jesus". Die kontras is God se karakter van liefde en vryheid teenoor Satan se karakter van mag en dwang. Ons kan nie God se karakter openbaar sonder om die onfeilbare geloof van Jesus in ons te hê nie.

> *"Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, **leef ek deur die geloof in die Seun van God** wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het." Galásiërs 2:20 (sien ook, Romeine 3:31).*

Dawid het gebid: "Ek het u woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie." Psalm 119:11. Hierdie woorde van die wet is elke sewe jaar deur die priester aan die volk voorgelees op die Loofhuttefees:

> ***<u>En Moses het hierdie wet opgeskrywe</u>** en dit gegee aan die priesters, die seuns van Levi, wat die verbondsark van die HERE gedra het, en aan al die oudstes van Israel. En Moses het aan hulle bevel gegee en gesê: **Aan die einde van sewe jaar, op die bepaalde tyd van die jaar van kwytskelding, op die huttefees,** as die hele Israel kom om te verskyn voor die aangesig van die HERE jou God op die plek wat Hy sal uitkies, **<u>moet jy hierdie wet voor die hele Israel, voor hulle ore lees</u>**…" Deuteronómium 31:9-12*

In die dae van die apostels is gedeeltes van hierdie wet elke sabbat gelees, "Want van die ou tyd af het Moses in elke stad diegene wat hom verkondig, terwyl hy elke sabbat in die sinagoges gelees word." Handelinge 15:21. Jesus het ook op die Sabbat gelees uit "die wet en die profete." (Lukas 4:16-21).

## 13. Is Enige Wette by die Kruis Afgeskaf?

Paulus se brief aan die Efesiërs kan dalk daardie indruk wek.

*"Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het deurdat* ***Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan****; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep."* *Efésiërs 2:14, 15*

Dit klink of die wet van gebooie vervat in verordeninge in Sy vlees afgeskaf is. Kom ons kyk na 'n paar ander vertalings van hierdie vers:

**Afrikaanse 1983/1992 Vertaling**: "Deur sy liggaam te gee, het hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos 'n muur skeiding gemaak het. Die wet van Moses met al sy gebooie en bepalings het hy opgehef..."

**Nuwe Lewende Vertaling:** "…Hy het 'n einde gemaak aan die wet met sy voorskrifte…"

**Die Boodskap:** "…Al die Joodse wette en reëls, wat een mens 'n Jood maak en die ander een nie, het Jesus eenkant toe geskuif…"

**KJV**: "having abolished in His flesh the enmity, that is, the law of commandments contained in ordinances."

Hierdie wet, wat dit ook al was, het vyandskap en skeiding veroorsaak (Jesaja 59:2). Toe die mens die eerste keer in Eden gesondig het, was daar 'n onmiddellike skeiding tussen die mens en God: Adam en Eva het hulleself weggesteek as gevolg van vrees. Maar Christus het belowe om vyandskap te plaas tussen die saad van die vrou en die slang (Genesis 3:15). Vyandskap is vyandigheid, opposisie, antagonisme, kwaadwilligheid. Dit was die gevoel tussen Jode en heidene; hulle is ook geskei deur 'n vyandskap wat soos 'n "middelmuur van skeiding" tussen hulle was.

Deel van die vyandigheid wat tussen hulle bestaan het, was die gevolg van sekere gebooie wat in verordeninge vervat is. Wie se verordeninge? Hierdie woord in die Grieks is *dogma* en beteken *dekreet* of *regulasie*. Dogmas kan godsdienstig of burgerlik wees, deur God verordineer, of mensgemaak. Jesus het na die Joodse wette verwys en gesê: "Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat <u>gebooie van mense is.</u>" Matthéüs 15:9. Die Jode het baie, baie bykomende reëls en regulasies by al God se wette, insettinge en verordeninge gevoeg, wat dit 'n las gemaak het en gediskrimineer het teen die sogenaamde vuil, onrein, onbesnede heidene wat met gevoelens van vooroordeel en vyandigheid daarop gereageer het.

Die Jode het na heidene verwys as onbesnede honde. Dawid het Goliat op 'n soortgelyke wyse aangespreek in 1 Samuel 17:26, 43. Onbesnede mans kon nie aan Pasga deelneem nie (Exodus 12:48) en ook nie die heiligdom ingaan nie

(Esegiël 44:9). Josua het die volk laat besny voordat hy Kanaän ingegaan het, want niemand is tydens die woestynomswerwinge besny nie (Josua 5:7). Petrus het hierna verwys by die Raad van Jerusalem wat byeengeroep is omdat "sekere manne wat van Judéa afgekom het ['n sekere sekte van die Fariseërs] die broeders geleer het, 'As julle nie besny word volgens die gebruik [wet] van Moses nie, kan julle nie gered word nie.' " Handelinge 15:1, 5, 9. Hulle het dit aanbeveel aan die onbesnede nie-Joodse broers. En Petrus "het opgestaan" en die heidene verdedig deur te sê dat God "geen onderskeid tussen ons en hulle gemaak" het nie. Geen verskil tussen die Jode en heidene nie? Wat was die verskil? Besnydenis.

"Nou dan, waarom versoek julle God deur op die nek van die dissipels 'n juk te lê wat ons vaders en ook ons nie in staat was om te dra nie?" het Petrus in vers 10 gevra. Die vaders het nie die juk van die besnydenis gedra gedurende hulle jare in die woestyn nie.

So het Jakobus tot die gevolgtrekking gekom "…dat ons….[dit vir] die heidene … nie moet bemoeilik nie" (om besny te word), maar net dat hulle hul onthou van afgode, hoerery en bloed eet; wat alles deel van die wet is. Sommige sê dit was die enigste wette vir heidene om te onderhou, maar hou in gedagte dat dit voorlopige instruksies was en dat hulle sou groei in kennis en genade soos hulle die wet van Moses gelees en bestudeer het, want dit was elke sabbat in die sinagoges gelees (vers 21). Ja, Jode en heidene het elke sabbat uit dieselfde wet gelees (Númeri 15:16).

> "Die primitiewe Christene het wel die Sabbat van die Jode onderhou; … daarom het die Christene, vir 'n lang tyd, hulle byeenkomste op die Sabbat gehou, waarin gedeeltes van die wet voorgelees is ..." (*The Whole Works of Jeremy Taylor*, Vol. IX, p. 416, R. Heber's Edition, Vol. XII, p. 416).

Dit was nie net hierdie vyandskap van die besnydenis wat by die kruis afgeskaf is nie, maar ook die vyandskap tussen alle mense en God, "omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; .." Romeine 8:7. Toe Christus, die Lam van God, gesterf het, het Hy die vyandskap in Sy vlees tot niet gemaak, waar sy vlees die finale uiteindelike offer was; Hy het die offerstelsel, die aardse tempeldienste, en alle rituele, plegtighede en regulasies wat verband hou met die offers, selfs die besnydenis — wat 'n bloed-offer was – beëindig.

### Teen die Kruis Vasgenael

> *En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het, en die* <u>*skuldbrief*</u> *teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael, nadat*

*Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het. Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus. Kolossense 2:13-17*

Die meerderheid van die Christendom interpreteer die "skuldbrief" as die wet van God wat aan die kruis vasgenael is en daarom, glo hulle, is daar nou geen Nuwe-Testamentiese verpligting om die Sabbat te onderhou nie, ook nie die res van die Tien Gebooie nie, geen "voortdurende morele noodsaaklikheid" om die sewende dag van die week as die Sabbat van die Here te hou nie.

Aan die ander kant het Sabbatsonderhoudende Christene tradisioneel gereken dat daar 'n verskil is tussen die morele en seremoniële wette, en dit was hierdie ander wet, die "wet van Moses" wat aan die kruis vasgenael is. Dit is dus die "seremoniële sabbatte" in die wet van Moses, en nie die Sewende-dag Sabbat van die Tien Gebooie nie, wat met Christus se dood geëindig het, want, volgens hulle, is dit nie die wet van God nie maar die wet van Moses wat teen ons is.

**Teen Ons**

Wat presies is teen ons? Sommige beweer dit is die "wetboek". Hulle neem aan dit is slegs die wet van Moses wat teen ons is as gevolg van die volgende teks uit die Skrif:

*" … het Moses aan die Leviete wat die verbondsark van die HERE gedra het, bevel gegee en gesê:* ***Neem hierdie wetboek en sit dit neer aan die kant van die verbondsark*** *van die HERE julle God, dat dit daar* ***as getuie teen jou*** *kan wees." Deuteronómium 31:25, 26*

Dit is een van die bekendste gedeeltes wat gebruik word om te sê dat die wet van Moses teen die mense was en dit dan met Kolossense 2:14 verbind. Maar as ons die konteks lees, vind ons dat hierdie wetboek nie teen die mense is nie, maar bloot 'n "getuie" teen hulle is. Let op vers 28:

*"Laat al die oudstes van julle stamme en julle opsigters by my vergader, dat ek voor hulle ore hierdie woorde kan spreek,* ***<u>en teen hulle die hemel en die aarde as getuies kan neem</u>****." Deuteronómium 31:28*

Die wetboek is teen die mense op dieselfde manier as "die hemel en aarde." As ek saam met jou gaan inkopies doen, maar jou waarsku om niks te steel voor ons gaan nie, maar jy doen dit in elk geval (en dit terwyl ek jou dophou!), beteken dit dat ek teen jou was? Nee, ek is bloot 'n getuie daarvan dat jy die wet oortree en my getuienis sal in die hof staan in die saak teen jou. Let op dieselfde idee in Deuteronómium 4:25, 26:

*"As jy kinders en kindskinders sal verwek en julle in die land verouderd sal*

*wees en verderflik handel deurdat julle 'n gesnede beeld maak, 'n gelykenis van enigiets, en doen u wat verkeerd is in die oë van die HERE jou God om Hom te terg, **dan neem ek vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle** dat julle sekerlik gou uit die land sal vergaan waarheen julle oor die Jordaan trek om dit in besit te neem; julle sal die dae daarin nie verleng nie, maar sekerlik verdelg word." (Sien ook, Deuteronómium 30:19).*

Die hemel is nie teen ons nie, maar neem wel ons besluite waar. Dus, as hulle interpretasie korrek was, en die wet van Moses is by die kruis afgeskaf omdat dit "'n getuie teen jou" is, dan moes hemel en aarde ook om dieselfde rede afgeskaf gewees het. Uiteraard is so 'n interpretasie gebrekkig.

## Skuldbrief

'n Derde begrip van hierdie gedeelte is dat "om die skuldbrief uit te delg" bloot die onmiddellike voorafgaande frase "*deurdat Hy julle al die misdade vergeef het*" in vers 13 herhaal, wat die belangrike konteks bevestig: "En julle, wat dood was deur die **misdade** en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle **al die misdade vergeef het**", asook jou ongeregtigheid, jou sondes. Hoe het Christus Sy ewige vergifnis vir ons sondes getoon? Deur dit uit te delg, "wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het," (1 Petrus 2:24). Die "skuldbrief" is dus die skuld van sonde en die vyandskap wat voortspruit uit die vleeslike gedagtes wat in Jesus aan die kruis vasgenael het.

Behalwe die AFR53 se "skuldbrief" noem ander vertalings dit so: AFR83 "*die skuldbewys met sy eise teen ons*", NLV "*die dokument met voorskrifte wat as klagstaat teen ons gedien het*", DB "'n rekening van al ons sonde",", *KJV "handwriting of ordinances", NIV "the charge of our legal indebtedness", ESV "the record of debt", NASB "the certificate of debt", Aramaic Bible in Plain English "the bill of our debts".* Dit is alles uitdrukkings van die Griekse frase *cheiro**grap**hon tois **dogma**sin* wat hier in Kolossense 2:14 gevind word.

> "Die konteks begin met Kol.2:12, waar Paulus praat dat hy 'saam met Hom begrawe is in die doop'. Die resultaat van daardie 'begrafnisdoop' is opstanding tot 'n nuwe lewe en reiniging van sonde. Paulus verwys na daardie reiniging met twee deelwoordfrases wat parallel is, die tweede wat die gedagte van die eerste herhaal. Die eerste van daardie twee frases is 'deurdat Hy ons al ons sondes vergewe het' (vers 13, 1983 vertaling). Die parallelle en herhalende frase is 'om die brief [*cheirographon tois dogmasin*] wat teen ons gestaan het, te kanselleer' (vers 14). Albei frases beteken in wese dieselfde ding, die tweede herhaal eenvoudig in verskillende terme wat dit vir hom beteken het om ons sondes te vergewe. So het vergifnis van ons sondes gelei tot die kansellasie van die

skuldverband wat teen ons gestaan het.” (William E. Richardson, Andrews University, “Sabbath nailed to the cross?” *Ministry* magazine, May, 1997)

*Dogmasin*, waaruit ons die woord "dogma", wet, dekreet, ordonnansie, insettinge kry, is maklik om te verstaan. Stede het ordonnasies (plaaslike wette) wat parkering reguleer, rommelstrooi, ronddwaal, werwing, ens. Met elke ordonnansie word 'n boete vir die oortreding daarvan geassosieer. *Cheirographon* in hierdie brief is die enigste voorkoms van die woord in die Nuwe Testament. Dit word letterlik vertaal met “handskrif” soos in die KJV voorsien. Maar handskrif van wat? In ander Griekse literatuur word hierdie woord gevind in regs- en hofsaal-instellings, waar die dokument wat die aanklagte teen die beskuldigde lys, die *cheirographon* genoem word wat deur die eiser in die middel (*tou mesou*) van die hofsaal vertoon word. Paulus gebruik ook hierdie tweede wetlike term wanneer hy sê dat Christus die *cheirographon* “uit die pad” *tou mesou*, uit die middel geneem het, en die middelmuur van skeiding verwyder het.

Satan, die Aanklaer van die broeders (Openbaring 12:9, 10), wys na die sertifikaat van ons skuld, maar ons Voorspraak by die Vader sê eenvoudig: “Mag die HERE jou bestraf!” Sagaría 3:2. Christus vergewe eenvoudig die skuld en maak die beskuldiging stil. “Neem die vuil klere van hom weg” (vers 4a). Hy neem die skuld weg. “Kyk, Ek het jou skuld van jou weggeneem, en Ek beklee jou met feesklere” (vers 4b).

Dit is hoekom die volgende vers in Kolossense sê dat Christus “die owerhede en magte uitgeklee [vernietig] en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het.” Kolossense 2:15. [Sien ook KJV vertaling.] Christus het hulle *vernietig* deur “die owerhede, … die magte, … die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, … die bose geeste in die lug,” se beskuldigings ten toon te stel. (Efésiërs 6:12). Die bewyse word uit die saak verwyder, en ons aanklaer, Satan, staan met leë hande met niks waarmee hy ons kan veroordeel nie. “Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie!” Romeine 8:1.

## Uitwis

Jesus het ons sondes uitgewis deur sy dood aan die Kruis waar Hy die reg verkry het “om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.” (1 Johannes 1:9). Dit is toe die Seun van God “my genadig” was … “na [sy] goedertierenheid” en my oortredinge **uitgewis en** al my ongeregtighede **uitgedelg** het. [Sien Psalm 51:1, 11]. Dit is toe hy “jou oortredinge soos ‘n newel en jou sondes soos ‘n wolk” uitgedelg het. Jesaja 44:22. Dit is die eerste uitwissing (of daaglikse versoening) van ons sondes (Exodus 29:36; Romeine

5:11). Maar daar is 'n finale uitwissing (verteenwoordig deur die jaarlikse Versoening) wanneer ons “sondes uitgewis, en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom, en Hy Hom mag stuur wat vooraf aan julle verkondig is, naamlik Jesus Christus” Handelinge 3:19,20. Dit is 'n tyd wat nog moet kom in die toekoms tydens die finale versoening in die Allerheiligste van die hemelse heiligdom wat nou aan die gang is. Hierdie aspek van die Versoendag is steeds 'n skaduwee van goeie dinge wat kom. Om ons rekord skoon te maak, is nie bloot om bladsye uit die rekordboek te verwyder en dit met nuwe bladsye te vervang nie. Hy reinig ONS van die daad van sonde deur Sy inwonende Gees wat ons rig om “in ‘n nuwe lewe [te] wandel.” Romeine 6:4. Ons sal dus 'n skoon rekord (of rekening), wat gesondheid aandui, hê.

Christus het nie die *dogmasin*, die dogma, die verordening, die wet, uit die weg geruim nie; Hy het die *cheirographon*, die rekord van die aanklagte uit die weg geruim, deur die skuld op Homself te neem. “Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak” (2 Korinthiërs 5:21). Hy neem die rekord van ons sondes met al die besonderhede – plekke, datums en tye, getuienisse van getuies – en vee dit uit, wis ons skuld uit en neem dit uit die weg. Hoe? Deur ons skuld, ons sondes, op Homself te neem. Geen wet was aan 'n boom vasgenael nie, maar Jesus wel. Die enigste wet wat by die kruis geëindig het, was die wet van offerandes. Paulus het dit in 'n brief aan Filémon verduidelik toe hy gesê het, “ek, Paulus, het dit met my eie hand geskrywe: ek sal betaal” Filémon 18, 19. Filémon was 'n lid van die kerk in Kolosse. Paulus sou nie die handskrif wat betaling beloof het uitwis nie, maar hy sou die skuld uitwis deur dit te betaal.

## Geëindig by die Kruis

Die offers en al die plegtighede, regulasies en seremonies wat daarmee gepaardgaan, het, soos ons reeds opgemerk het, inderdaad by die kruis geëindig. Geen aardse priesterdom meer nie; geen tempeldienste meer nie; geen tempel meer nie! Maar het *al* die wette van Moses by die kruis geëindig? Nee. Ons gaan voort om die Levitiese wette van gesondheid, tiendes, Sabbatsonderhouding vanaf sonsondergang tot sonsondergang, ens waar te neem. Verder, om te aanvaar dat dit die insettinge, verordeninge en gebooie was wat deur Christus self aan Moses gegee is, wat aan die kruis vasgenael is, beteken dat dit “ons vyandig was” (Kol.2:14) en dat die Seun van God sy volk voorsien het van 'n vloek en nie 'n seën nie.

Die konteks van Kolossense 2 is gaan oor die oplegging van mensgemaakte reëls en regulasies.

**2:4** "Dit sê ek, sodat **niemand** julle mag verlei met drogredes nie"
**2:8** "Pas op dat **niemand** julle as 'n buit wegvoer … volgens die oorlewering van die **mense**"
**2:16** "Laat **niemand** julle dan oordeel"
**2:18** "Laat **niemand** julle van jul prys beroof nie"
**2:20-22** "waarom is julle, asof julle nog in die wêreld lewe, onderworpe aan insettinge soos: raak nie, smaak nie, roer nie aan nie? — almal dinge wat deur die gebruik bestem is om te vergaan—volgens die gebooie en leringe van **mense**?"

Die feeste van die Here is nie die gebooie en leerstellings van mense nie. Die wette oor dieet en die insettinge oor tiendes is nie die gebooie van mense nie. Waarom noem Paulus dan spys en drank, feeste, nuwemane en sabbatte as die onderwerp van veroordeling? Kom ons kyk na Paulus se lys.

## Spys en Drank

Eerstens is die Griekse woorde wat met "spys en drank" vertaal word, **brosis** en **posis**. Dit is maklik om te dink dat dit iets te doen het met Mosaïese spys- en drankoffers wat met Christus se dood geëindig het. Maar hierdie Griekse woorde word nooit met verwysing na spys- en drankoffers in die Septuagint of die Nuwe Testament gebruik nie. Eintlik is *thusia* die tegniese woord vir spysoffer, en *spendo* was die term wat beteken "om 'n drankoffer te bring." Paulus sou dit gebruik het as sy bedoeling was om die spys- en drankoffers aan te dui.

**Hierdie twee woorde het ook "eindes van aksies",** en moes bloot vertaal word as **"eet en drink."** Gevolglik verwys hulle nie na Mosaïese rituele nie, maar na die **verbod** wat **deur sommige valse leraars voorgestaan** was om van verskillende wêreldse plesier te onthou. Hulle het die Kolossense gelowiges "selfvernedering" laat toepas deur aan te beveel: "Moenie raak nie, moenie smaak nie, moenie aanroer nie!" (Verse 18, 20, 21 en 23.) Om jouself van kos en water te ontneem, mag dalk toegewyd voorkom, maar het eintlik geen geestelike waarde nie. Laat niemand jou veroordeel oor jou sosiale byeenkomste op feeste, nuwemane of die Sabbatte nie.

## Feeste, Nuwemane, Sabbatte

Die frase "feeste, nuwemane of sabbatte" (*heortes, noumenias, sabbaton*) in vers 16 word nêrens anders in die Nuwe Testament gevind nie, maar kom vyf keer in die Septuagint voor. (2 Kronieke 2:4; 31:3; Nehemía 10:33; Eségiël 45:17; Hoséa 2:11). Elke keer is dit 'n verwysing na die Sabbatte (weekliks),

nuwemane (maandeliks) en vasgestelde feeste (jaarliks). Soms is die volgorde omgekeer, maar in elke geval is “nuwemaan” in die middel, en maak dus 'n **logiese volgorde** van weekliks na jaarliks of jaarliks na weekliks. Die implikasie is dat dit wel die weeklikse Sabbat insluit.

Om te sê dat dit seremoniële sabbatte is (deel van die jaarlikse feeste) beteken dat Paulus homself onnodig herhaal: “ ‘Laat niemand jou oordeel met betrekking tot 'n feesdag/seremoniële sabbat, of met betrekking tot 'n nuwemaan, of met betrekking tot 'n seremoniële sabbat nie,’ 'n stelling wat **nie logies of waarskynlik is nie**.” (William E. Richardson, *Ministry* magazine, May, 1997).

Sommige redeneer dat die meervoudsvorm van die woord “sabbat” (sabbaton) hier iets anders as die weeklikse sabbat aandui. Maar die meervoudsvorm word baie keer gebruik vir die weeklikse Sabbat, en slegs in 'n sekondêre sin, waar dit verwys na sewe dae, of 'n week.

Die meervoud van sabbaton kan byvoorbeeld in Markus 15:42 gesien word “omdat dit die voorbereiding was, dit is die voorsabbat [*Sabbaton*]” dit wil sê die dag voor elke Sabbat. Lukas 4:16 “en soos Hy gewoond was, gaan Hy op die sabbatdag [*sabbaton*] in die sinagoge en staan op om te lees” dit wil sê op elke Sabbat. Hierdie meervoude dui op die herhalende aard van die weeklikse Sabbat.

Maar daar is 'n interessante gebruik van die meervoud in Matthéüs 28:1 “En laat ná die sabbat [*sabbaton*] toe dit begin lig word, teen die eerste dag van die week [*sabbaton*]” dit wil sê die eerste dag na elke Sabbat. Die tweede voorkoms demonstreer die tipiese “elke sabbat”-konnotasie, maar die eerste *sabbaton* moet op daardie spesifieke sabbat betrekking hê, maar dit is ook meervoud. Hoekom? Want daar was twee Sabbatte daardie spesifieke Sabbat wat op dieselfde dag plaasgevind het: die weeklikse sewende-dag Sabbat en die eerste dag van Ongesuurde Brode, een van die sewe jaarlikse Sabbatte wat met die feeste geassosieer word. Johannes 19:31 verwys na daardie Sabbat as “groot”.

Handelinge 13:14 sê, “Maar hulle het van Perge af verder gegaan en in Antiochíë in Pisídië aangekom, en hulle het op die sabbatdag [*sabbaton*] in die sinagoge gegaan en gaan sit.” Hoekom word die meervoud in hierdie teks gebruik? Dit beskryf een spesifieke Sabbat toe die apostels die sinagoge in Antiogië besoek het en genooi is om te praat. Óf dit was die eerste van verskeie Sabbatte wat hulle die sinagoge daar bygewoon het óf dalk was dit nog 'n groot Sabbat, ‘n samehang van 'n weeklikse en jaarlikse Sabbat.

Dus, hoewel dit duidelik is dat die weeklikse sewende-dag Sabbat opgeneem is in Paulus se lys van dinge waarvoor ons nie moet toelaat dat enige mens ons veroordeel nie, is dit ook waar dat dit nie aan die kruis vasgenael of uitgewis of afgeskaf of uit die weg geruim is nie.

**Laat Niemand Julle dan Oordeel nie**

Wie het in elk geval die veroordeling gedoen? Die Jode of die heidene? Diegene binne of buite die kerk? Paulus se groot besorgdheid in hierdie brief gaan oor valse, Christuslose leringe. Die enkele herhaalde tema wat sy boodskap oorheers, bestry die verarmde siening van Jesus wat “die Kolossiese dwaalleer” oorheers het. Die sterkste uitsprake oor die godheid van Christus in die hele Nuwe Testament word hier in Kolossense gevind.

Die Lieflingseun van God (Kol. 1:13) is die beeld van die onsienlike God (vers 15) wat alle dinge in die hemel en op aarde geskep het (16). Hy is die Eersgeborene van die hele skepping (15) want Hy is voor alle dinge en in Hom hou alle dinge stand (17). Hy is die Hoof van die liggaam, die kerk, die begin, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles eerste kan wees (18) omdat dit die Vader behaag het dat in Hom die ganse volheid sou woon (19). Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik (2:9) want Hy is die Hoof van alle owerheid en mag (10) en sit aan die regterhand van God (3:1).

Daar was inderdaad Judaïseerders wat “van die besnydenis was” en probeer het om hulle gebruike op die heidene af te dwing. Hulle het dieselfde aan Jesus gedoen en Hom daarvan beskuldig dat hy hulle Sabbatsverordeninge verbreek het en hulle vereistes vir seremoniële handewas geïgnoreer het. Maar daar was ook ander wat “oorredende woorde van menslike wysheid” gebruik het; 1 Korinthiërs 2:4; Kolossense 2:4; en “drogredes” aangemoedig het, wat “volgens die oorlewering van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld” was (Kolossense 2:8). Paulus het daarna 'n paar voorbeelde van hierdie oorredende, filosofiese woorde, drogredes, tradisies en beginsels in verse 21-23 gegee. “Moenie aanraak nie; moenie smaak nie; moenie aanroer nie, idees volgens “eiesinnige godsdiens”, “in gestrengheid teen die liggaam,” en nie “tot versadiging van die vlees” nie.

Dit beskryf baie goed die asketisme (wêreldversaking) wat Gnostisisme gekenmerk het, die lering wat menslike wysheid verhef het bo die inherent bose menslike liggaam. Paulus het hierdie ydele drogredes teëgestaan deur na die Vader en Christus te wys, “in wie al die skatte van wysheid en kennis verborge is” (Kol.2:3), in teenstelling met die denke van die mens, want “ons het die sin van Christus.” 1 Korinthiërs 2:16. Maar is hierdie tipes en skaduwees en seremonies nie by die kruis afgeskaf nie?

Vir die Jode wat die Seun van God verwerp het, het die tipes en seremonies inderdaad nuttelose tradisies geword. Maar vir diegene wat in Sy Naam glo en in Hom die vervulling en inhoud van al hierdie skaduwees sien, word wat eens heerlik was, nog heerliker! Vervulling beteken nie afskaffing nie, maar om *op te vul* met belangrikheid en betekenis. Dit is hoekom Jesus nie gekom het om die wet te ontbind nie, maar om dit te vervul (Matthéüs 5:19), om dit ryker betekenis te gee, om die wet te beklemtoon en eerbaar te maak (Jesaja 42:21).

Die aardse priesterskap en seremoniële offerandes sal uiteindelik tot 'n einde kom wanneer die "slagoffer en spysoffer" ingesteldheid uit ons paai-gebaseerde heidense teologie afgeskaf word (Daniël 9:27). God het nog nooit 'n bloedoffer van 'n dier of mens vereis om ons te kan vergewe nie. Die plegtighede en seremonies wat betrekking het op al die offerandes is aan ons `gegee, sodat ons ons eie verwronge denke insien. Deur ons eie regstelsel te akkommodeer, het God sy Seun prysgegee sodat ons uiteindelik kan glo dat Hy vryelik vergewe. Christus het nie gesterf omdat God 'n wrok gekoester het of dat Hy een of ander vorm van vergelding nodig gehad het nie. Christus het God se onvoorwaardelike liefde en vergifnis gedemonstreer deur aan die kruis te sterf "toe ons nog sondaars was." Romeine 5:8. Die dood van die Seun van God het 'n einde gebring aan die offerstelsel, maar nie aan die werk van Christus om Sy Pinkstergees uit te stort, ons tempels te reinig en in ons te woon nie.

Die slag van paaslammers is afgeskaf met die kruisiging van Christus, wat **in werklikheid** die laaste Pasgalam was, want die Lam van God verskyn nog voor die Vader se troon "asof Hy geslag is" (Openbaring 5:6) en offer nie die bloed van lammers of bokke nie, maar Sy eie bloed (volmaakte lewe) vir ons. Die tipiese stelsel het opgehou. Nou is die Ware Lam, wat dood was maar nou vir ewig lewe, ons Pasga; "Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid." 1 Korinthiërs 5:7,8. Ons hou nie meer die Pasga van die Jode nie, maar volg die voorbeeld van Jesus deur deel te neem aan die nagmaalsimbole en praktyke op die vasgestelde tyd van hierdie heilige samekoms in die lente – die 14de dag van die eerste Bybelse maand.

In die plek van die tipiese Paaslam het ons nou die antitipiese Lam. Tog leef die betekenis van die Pasga-bevryding uit Egipte voort in die herdenking van Christus se dood, en terselfdertyd vier ons ook ons verlossing van sonde deur Sy dood aan die kruis waar Hy die Lam van God is. Dit leef ook voort in die herdenking van die verbond wat God in Genesis 15 met Abraham gesluit het.

## 14. Is Feeste Skaduwees wat Eindig met die Antitipe?

### Skaduwee en Liggaam

Die oplossing vir Kolossense 2:16 is nie om 'n meervoudsinterpretasie van *sabbaton* te probeer verdedig om die weeklikse sewende-dag Sabbat van Paulus se lys uit te sluit nie. Die probleem lê in 'n verkeerde aanname oor die liggaam van Christus. Nie net is die woord "*days*" in die KJV ‘n verskafde woord (deur die vertalers verskaf) nie, maar ook die woord "*is*" [Sien KJV]. Eerder as “the body *is* of Christ” is die werklike Griekse bewoording eenvoudig, en baie duideliker, “the body of Christ”.

Kolossense 2:16 word algemeen gelees as "feeste, nuwemane of sabbatte wat skaduwees is van die toekomstige dinge, maar die liggaam is Christus." Deur net hierdie gedeelte van die gedeelte te lees, laat dit voorkom asof die Griekse voegwoord "*de*" die skaduwees met die stof kontrasteer. Die gebruik van die Griekse *de* word egter oorwegend weergegee as “boonop” wat dui op uitbreiding, versterking, vergroting.

Laat niemand julle dan oordeel nie

> (hoe?)
> in spys en drank met betrekking tot (of, wanneer julle deelneem aan)
>
> ‘n Fees, of die Nuwemaan, of die Sabbatte:
>
> (watter tipe?)
> wat ‘n skaduwee is van die toekomstige dinge;
> boonop die liggaam van Christus.

Kom ons ondersoek hierdie twee afhanklike klousules.

1. *Die bywoordelike bepaling*. Hoe moet hulle nie geoordeel word nie? Met betrekking tot feeste, nuwemane en “sabbatte” wat almal (behalwe vir die Versoendag) bekend was vir hul “spys en drank”. Dit was herdenkingsfeeste van vorige gebeure en vieringe van die tipes wat hoop op toekomstige vervullings.
2. *Die byvoeglike bepaling*. Watter tipe dae was hierdie? Hulle **is** ‘n skaduwee van dinge wat kom. Eerder as om hul betekenis te beëindig, **is** hulle steeds 'n voorsmakie van nog beter dinge wat kom, wat bewys dat die skaduwee nie in kontras met die werklikheid staan nie.

Wanneer ons vanaf die 7de dag Sabbat tot by die Laaste Groot Dag aanbid, wys

dit vir die wêreld Wie ons dien. Elke oomblik wat ons neem om te fokus op Christus, die vaste Rots, en Sy bewegings deur die heiligdom, is 'n oomblik wat die poorte van die doderyk ons nie kan oorweldig nie.

“Deur die geloof het hy [Moses] die pasga gehou en die besprenkeling van die bloed” Hebreërs 11:28. Hy en al die kinders van Israel het daardie nag gedoen wat hulle gedoen het, deur geloof. Hulle het nie die bloed aan die deurposte gesmeer omdat hulle “onder die wet” was nie, maar omdat hulle geloof in die God van Israel gehad het wat hulle wonderbaarlik teen die plae van Egipte beskut het. Dit was die Egiptenare wat nie geloof in die instruksies van Jehovah gehad het nie, wat onder Sy wet was en die dodelike gevolg daarvan ervaar het.

Die asketiese Gnostici het die Christene veroordeel omdat hulle gemeenskapsmaaltye geniet het, brood gebreek het, saam geëet en gedrink het, weekliks, maandeliks en jaarliks bymekaar gekom het, omdat hulle as heidenne in isolasie, eensaamheid en ontbering geglo het.

Paulus het gesê: Laat niemand julle veroordeel omdat julle eet en drink nie. Laat niemand julle veroordeel omdat julle feeste en sabbatte saam geniet nie. Hierdie dinge is 'n skaduwee wat ons verbind met die liggaam van Christus, nou en in die toekomstige werklikheid wanneer die heiliges elke maand by die boom van die lewe sal ontmoet vir die vrugte en aanbidding van God en die Lam (Openbaring 22:2).

Paulus het nie, amper 30 jaar na die kruis, gesê dat dit 'n skaduwee *was* nie, maar dat dit steeds 'n skaduwee is van dinge wat kom. Die Grieks is teenwoordige tyd. Die skaduwee is nie gekant teen die werklikheid nie, maar afhanklik van die bron. Dit spreek alles van Hom wat die volheid van alle dinge is, wat die “hoof van die liggaam, die kerk” is (Kolossense 1:18; 2:10, 19). Elke item in die heiligdom is 'n simbool van die Seun van God. Elke fees is 'n herinnering aan wat Hy gedoen het, wat Hy besig is om te doen en binnekort sal bereik!

## Die Ou en die Nuwe Testament

Een van die onderliggende probleme rakende 'n verstaan van die wet, spruit uit 'n begrip van hoe die Ou en Nuwe Testament met mekaar verband hou. Baie Christene kontrasteer die Ou en die Nuwe Testament as wet teenoor genade of selfs werke teenoor geloof. In hierdie raamwerk word Christus in opposisie met Moses geplaas om voor te stel dat Christus Moses vervang. Tog sê die Bybel duidelik dat Christus gekom het om die wet te vervul en om dit verder te beklemtoon of te versterk. Matthéüs 5:18; Jesaja 42:21.

> *“Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. En as julle sy geskrifte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo?” Johannes 5:46, 47*

Jesus sê dat Hy die spieëlbeeld is van wat Moses geskryf het. Aan Moses is die *wortel* gegee waartoe Christus sou kom om die *vrug* in sy volheid te dra en te versterk. Christus is dus nie in kontras met Moses nie, maar eerder die volledige weerspieëling van alles wat in die wet en die profete geskrywe staan. Hierdie verandering in begrip kan weerspieël word in die woorde van Johannes:

> *“Want die wet is deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.” Johannes 1:17*

Die verhouding tussen Moses en Christus word uitgedruk deur die vertalers se verskafde woord *maar* in die KJV (*but*). Dit dui op 'n kontras in opposisie. Tog is die kontras in werklikheid in die versterking van wat Moses geskryf het. Ons kan die verskafte woord *en* net so maklik gebruik om 'n vermenigvuldiging van gedagtes te skep:

> *“Want die wet is deur Moses gegee; <u>en</u> die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.”*

Met 'n korrekte begrip van hoe die wet met die evangelie verband hou, word baie vermeende probleme uit die weg geruim. Vir meer inligting oor hierdie onderwerp, laai die boek *Reis van Geloof* gratis af vanaf *vadervanliefde.com*.

**U Weg is in die Heiligdom**

‘n Eenvoudige manier om te weet wat behou is en wat by die kruis afgeskaf is, is om na die heiligdom te kyk.

> *“En ‘n riet soos ‘n stok is aan my gegee, en die engel het gestaan en gesê: Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid.* ***Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie****, want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad twee en veertig maande lank vertrap.” Openbaring 11:1, 2*

God se volk moet die tempel en die altaar meet, asook die wat daar aanbid. Maar die voorhof moet uitgelaat word. Dit beteken dat die slagoffers en spysoffers en afwassinge van die voorhof uitgelaat word, maar die dinge wat in die Heilige en Allerheiligste van die Tempel was, is bewaar. Waar is die wet van Moses bewaar? Dit was nie in die voorhof nie, maar in die Allerheiligste. Met die wete dat die Allerheiligste bediening veral van toepassing is op 1844 en daarna, en dat die Wet van Moses in die Allerheiligste gesetel was, dui dit

nie daarop dat die insettinge en verordeninge ook op die hart geskryf sou word tydens die bediening in die Allerheiligste nie? Vir 'n meer gedetailleerde studie van die jaar 1844 sien lesse 16 en 16a van *Truth for These Times* op *www.maranathamedia.com/download_section/view/truth-for-these-times*.

## 15. Moet Christene Vandag die Feeste Hou?

Baie Christene hou reeds feeste. Hulle hou Kersfees, Paasfees, Valentynsdag, ‘All Hallows’ Eve’ of Halloween gevolg deur ‘All Saints Day’. Sommige hou die 40 dae vastyd, die Hemelvaart, en Advent. Dan is daar die Twaalf Dae van Kersfees, die Aanbidding van die Magi, ‘Saint Patrick's Day’, Maria Moeder van God dag, oftewel Nuwejaarsdag, Onbevlekte Ontvangenis Dag, Aswoensdag, Palmsondag, Goeie Vrydag, Pinkster Sondag, Drie-eenheid Sondag en Corpus Christi. Hierdie word glad nie in die Bybel genoem nie en het twyfelagtige oorspronge. Daniël het gepraat van ’n godsdiens-politieke mag wat sou opstaan en “probeer om [God se] tye en wet te verander” (Daniël 7:25, AFR53). Of soos die 1983/1992 Vertaling sê:

> *Hy sal teen die Allerhoogste laster en die heiliges van die Allerhoogste vervolg.* ***Hy sal probeer om die <u>godsdienstige feeste</u> en wette te verander****, en die heiliges van die Allerhoogste sal in sy mag oorgegee word vir die hele vasgestelde tyd.*

En dit is net wat gebeur het:

> “Nêrens in die Bybel vind ons dat Christus of die apostels beveel het dat die Sabbat van Saterdag na Sondag verander moet word nie. Ons het die gebod van God wat aan Moses gegee is om die Sabbatdag, dit is die sewende dag van die week, Saterdag, heilig te hou. **Vandag hou die meeste Christene Sondag omdat dit buite die Bybel deur die kerk aan ons geopenbaar is.**” (*Catholic Virginian*, Oct. 3, 1947).

> “Die fees van Sondag, soos alle ander [nie-Bybelse] feeste, was altyd net 'n menslike ordinansie.” (Augustus Neander, *General History of the Christian Religion and Church*, p. 186).

> “…Die Katolieke Kerk het nie net die Sabbat afgeskaf nie, maar al die ander [sogenaamde] Joodse feeste.” (Bishop T. Enright, *Letter*, April 26, 1902).

Is die feeste wat in die Bybel genoem word deel van die insettinge, voorskrifte en vereistes of ingesluit in die skaduagtige tipes? Dit blyk dat hulle verordeninge was wat onder die insettinge ingesluit is.

> *Onderhou dan die* ***ongesuurde brode****, want op daardie selfde dag het Ek julle leërs uit Egipteland uitgelei. Daarom moet julle hierdie dag in julle geslagte as ‘n* ***ewige insetting*** *hou...” Exodus 12:17*

Die ewigdurende onderhouding van hierdie ewige verordening "in julle geslagte" is van toepassing op beide die sewende-dag Sabbat en die jaarlikse feeste van die Here. Albei word aangesê met dieselfde ewigdurende taal wat verwys na "in julle geslagte".

**Sabbatte van die Here**

> *"Julle moet sekerlik my sabbatte onderhou, want dit is 'n teken tussen My en julle **in julle geslagte** … Ses dae lank kan werk verrig word, maar op die sewende dag moet dit wees 'n dag van volkome rus, heilig aan die HERE. … En die kinders van Israel moet die sabbat onderhou deur die sabbat te vier **in hulle geslagte** as 'n **ewige** verbond." Exodus 31:13, 15, 16.*

God se Sabbatte moet 'n teken op die hand en op die voorkop wees.

> *"En dit moet vir jou as **'n teken wees op jou hand** en **'n gedenkteken tussen jou oë*** [voorhoof]*, sodat die wet van die HERE in jou mond mag wees; want deur 'n sterke hand het die HERE jou uit Egipte uitgelei. Daarom **moet jy hierdie insetting onderhou op die daarvoor bepaalde tyd, van jaar tot jaar."** Exodus 13:9,10.*

Hierdie verordening is die fees van die ongesuurde brode. Die drie verse direk voor hierdie twee bevestig dit:

> *"Sewe dae lank moet jy ongesuurde brode eet, en op die sewende dag is daar **fees tot eer van die HERE**. Ongesuurde brode moet die sewe dae geëet word: by jou mag geen gesuurde brood gesien word nie, en geen suurdeeg mag by jou in jou hele grondgebied gesien word nie. En jy moet jou seun op dié dag vertel en sê: Dit geskied ter wille van wat die HERE aan my gedoen het toe ek uit Egipte uitgetrek het." Exodus 13:6-8*

Diegene wat die dier en sy beeld aanbid, sal 'n merk op hul voorkop of in hul hand ontvang (Openbaring 14:9); diegene wat die Vader en sy Beeld aanbid, sal verseël word met 'n teken op hul voorkop en op hul hand—hulle sal die Vader se naam (karakter) op hul voorkop hê (Openbaring 14:1); en die naam van Jesus, sy "nuwe naam" sal op hulle geskryf wees (Openbaring 3:12); miskien op hulle hande, net soos Hy ons in die palms van sy eie hande gegraveer het (Jesaja 49:16).

**Feeste van die Here**

Soos die weeklikse Sabbat, is die feeste met hulle jaarlikse Sabbatte beveel om "in julle geslagte" gehou te word en is dit verordeninge en insettinge genoem.

Ex 12:14 **Pasga:** " 'n fees tot eer van die HERE vier. Julle moet dit in julle geslagte as 'n ewige insetting vier."

Ex 12:17 **Fees van Ongesuurde Brode:** "in julle geslagte as 'n ewige insetting."

Lev 23:14 en "'n ewige **insetting** vir julle geslagte in al julle woonplekke."

Lev 23:21 **Pinkster:** "n ewige **insetting** in al julle woonplekke vir julle geslagte."

Lev 23:31 **Versoendag:** "'n ewige **insetting** vir julle geslagte in al julle woonplekke."

Alhoewel ons verstaan dat "vir ewig" kan beteken "net so lank as iets duur" (vgl. 1 Samuel 1:22, 28), moet ons versigtig wees in hoe ons dit selektief toepas op daardie dinge wat aan God behoort. Die feeste van die HERE, die sabbatte van die HERE, die HERE se pasga word beskryf met dieselfde standhoudende taal as sy sabbatte, sy insettinge en sy verordeninge (Levitikus 23:2-5 37,38; Esegiël 20:11- 13, 18-20).

Die ongesuurde brode word steeds vandag nog in ons viering van die nagmaal geneem. Ten minste het ons die simbool voortgesit soos Christus opdrag gegee het.

### Jesus het dit gehou

*Hierna was daar 'n fees van die Jode, en Jesus het opgegaan na Jerusalem.. Johannes 5:1.*

*Maar nadat sy broers opgegaan het, toe het Hy ook opgegaan na die fees, nie openlik nie, maar in die geheim. Johannes 7:10.*

### Paulus het dit gehou

*"Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid…" 1 Korinthiërs 5:7, 8.*

In Handelinge 18 het Paulus vir 'n jaar en 'n half in Korinthe gebly waar hy "elke sabbat in die sinagoge gepreek het" om die Jode en die Grieke te oortuig dat Jesus die Christus is (Handelinge 18:4). Sabbats-onderhouers gebruik hierdie gedeelte as 'n belangrike bewys dat Paulus voortgegaan het om te aanbid op die sewende dag, jare nadat Christus aan die kruis gesterf het, om sodoende die ewigdurendheid van die Tien Gebooie en die onderhouding van die Sabbat deur die apostels in die Nuwe Testament te demonstreer. Hierdie selfde hoofstuk word ook aangehaal as bewys dat Paulus soms nie die jaarlikse feeste gehou het nie, aangesien hy vir meer as 'n hele jaar in Korinthe gebly het sonder dat daar melding gemaak is dat hy enige van die vasgestelde feeste onderhou het, asook die feit dat hy nie in Jerusalem was waar al die feeste

deur die Jode gehou is nie.

Maar Paulus het nie altyd die feeste in Jerusalem gehou nie. Toe hy Korinthe verlaat het, het hy gesê, “Ek moet sekerlik die komende fees in Jerusalem vier.” Handelinge 18:21. Maar aangesien hy verneem het van 'n komplot deur die Jode om hom om te bring (Handelinge 20:3,16), het hy sy koers verander en deur Masedonië gegaan, en in Filippi gekom waar hy die Pasga en "die dae van die ongesuurde brode" met die *heidense* bekeerlinge gehou het (Handelinge 20:6). Van daar af het hy “hom gehaas om, as dit vir hom moontlik was, op die pinksterdag in Jerusalem te wees” (vers 16). Nie net *wou* Paulus graag vir die Pasga in Jerusalem wees om sy Joodse landgenote te ontmoet nie, sy vyande *wou* ook hê dat hy daar moes wees sodat hulle sy lewe kon neem. So het hy sy roete verander en beplan om eerder met Pinkster daar te wees. Maar hy het steeds Pasga gehou al was hy nie in Jerusalem nie. Dit kom in werklikheid ooreen met die woord van die Skrif:

> *En julle oë sal dit aanskou, en julle sal sê: Groot is die HERE* ***oor die gebied van Israel [en verder]*** *… van die opgang van die son tot sy ondergang toe is my Naam groot* ***onder die heidene****; en* ***in elke plek*** *word tot eer van my Naam reukwerk gebring en ‘n rein offer; want my Naam is groot onder die heidene, sê die HERE van die leërskare. Maleági 1:5, 11.*

> *Jesus sê vir haar: Vrou, glo My, daar kom ‘n uur wanneer julle nie op hierdie berg en* ***ook nie in Jerusalem*** *die Vader sal aanbid … Maar daar kom ‘n uur,* ***en dit is nou****, wanneer die* ***ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid****; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid: God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid. Johannes 4:21, 23, 24.*

Levitikus 23:3 sê ons moet die Sabbat onderhou “in al jou woonplekke” wat beteken, “waar jy ook al woon.” Dit geld vir al die feeste (sien Levitikus 23:14, 21, 31).

Paulus het sy roete verander en deur Masedonië gereis om vir Pasga in Filippi te vertoef. Die Filippense was Paulus se nie-Joodse **bekeerlinge**. As hy verkondig het dat die feeste nou afgeskaf is, het hy geen rede gehad om Pasga saam met nie-Joodse bekeerlinge te hou nie; hulle was nie sy Joodse landgenote nie en hulle was reeds Christene. Waarom sou hy Pasga vier as dit onder die rituele was wat hy aan die Jode voorgehou het as iets wat afgeskaf is? Hy het ál agt dae van die fees saam met hulle deurgebring. Hoekom nie net 'n paar dae saam met hulle deurbring en daarna verder reis nie? Dit blyk beslis dat hy die volle omvang van die verbode fees geëer het, insluitend die laaste Sabbat op die agtste dag.

## Die Vroeë Christene het dit Onderhou

Gedurende die 2de tot 4de eeue n.C. het daar 'n dispuut ontstaan oor wanneer om Pasga te vier. In 195 n.C. onthul Polikrates dat hy en ander voor hom, insluitend die apostels Johannes en Filippus, voortgegaan het om Pasga te hou op die 14de dag van die eerste Hebreeuse maand lank nadat Jesus gesterf het en terug na die hemel opgevaar het.:

> "Daarom gedenk ons die dag sonder afwyking, sonder om by te voeg of weg te neem daarvan, want in Asië het groot ligte reeds ontslaap, en hulle sal opstaan op die dag van die wederkoms van die Here, wanneer Hy met die heerlikheid van die hemel sal kom en al die heiliges sal oproep. Daar was Filippus… en twee van sy dogters… **Daar was ook Johannes wat op die bors van Jesus gelê het**… en daar was ook Polikarp in Smirna, beide 'n ouderling en 'n martelaar, en Thraseas, beide ouderling en martelaar, van Eumenaea… [ook] Sagaris,…, Papirius, … en Melito… **Al hierdie mense het op die veertiende dag die Pasga gehou, <u>volgens die evangelie</u>, om nie in die minste af te wyk nie, maar navolgers te wees van die reël van die geloof.** En laaste van almal, sal ek, Polikrates, die minste van almal, optree volgens die tradisie van my bloedverwante, sommiges van wie ek wel volg; want sewe van hulle was biskoppe en ek is die agste, en **my mense het nog altyd die dag onderhou waarin ons die suurdeeg wegbêre**. Dus is ek, liewe vriende, nadat ek 65 jaar gedien het in die diens van die Here en met baie christene van verskillende wêrelddele gesprekke gevoer het, en nadat ek die Heilige Skrifte noukeurig ondersoek het, is ek nie bevrees vir bedreigings nie. Beter mense as ekself het gesê: "Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense."'" (Vertaal na Afrikaans vanuit Eusebius, *Church History*, Book V, Chapter 24; *Nicene and Post-Nicene Fathers*, Series Two, Volume 1).

Alhoewel hy wel "die tradisie van my bloedverwante" noem, let op dat hy nie sê dat tradisie die rede was om die 14de te onderhou nie, maar dat hulle "die veertiende dag van die Pasga <u>volgens die Evangelie</u> gehou het."

> "Oral, veral in die Ooste van die Romeinse Ryk, sou daar Joodse Christene wees wie se uiterlike lewenswyse nie merkbaar sou verskil van dié van die Jode nie. … **Hulle het steeds die Pasga, Pinkster en Loofhuttefees gehou … om die weeklikse Sabbat en die Mosaïese regulasies oor voedsel te onderhou.** Volgens sommige geleerdes moes hulle so sterk gewees het dat hulle tot en met die val van Jerusalem in 70 n.C. die dominante element in die Christelike beweging was." (W.D. Davies, *Paul and Jewish Christianity*, p. 72).


## Die 1ste Christelike Denominasie - Die Waldense het dit Onderhou

“Katolieke het ook baie lank probeer voorgee dat hierdie mense [Sabbats-onderhouers] geen deurlopende geskiedenis het nie en dat hulle plaaslike afwykings in tyd en ruimte was van 'n eienaardige en ketterse Judaïserende denkwyse wat gebroke is.... Jode en Katolieke, Ortodokse en Protestante het almal probeer voorgee dat daar geen aaneenlopende of selfs lank-bestaande Sabbatariese kerk was nie. [Maar die feit dat die Waldense] ’n anti-Trinitariese **Sabbats-onderhoudende** kerk was wat sedert die tyd van die apostels en die Nuwe Testamentiese Kerk die **feeste** en die voedselwette en die ander **nie-offerwette** van die Ou Testament en die leerstellings van die Christus en die Nuwe Testament onderhou het, is ’n verleentheid [aan hul valse bewerings].” (Vertaal na Afrikaans vanuit Editor’s Forward, *The Sabbatarians in Transylvania,* by Samuel Kohn, 1998 p. 3)

## 16. Sal ons die Feeste in die Hemel of op die Nuwe Aarde Hou?

Elke maand sal ons eet van die vrugte van die boom van die lewe wanneer ons almal elke nuwemaan sal kom om voor ons Skepper te aanbid:

*“Want soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek maak, voor my aangesig sal bestaan, spreek die HERE, so sal julle nageslag en julle naam bestendig wees. En **elke maand op die nuwemaan** en **elke week op die sabbat** sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die HERE.” Jesaja 66:22, 23*




Die boom van die lewe op die nuwe aarde sal “elke maand sy vrugte gee” en sou dit in Eden voor die sondeval gedoen het. Die nuwemane, soos die weeklikse Sabbat, is altyd gehou en sal steeds gehou word.

*En hy het my getoon ‘n suiwer rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat **uitstroom uit die troon van God en van die Lam**. In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die **boom van die lewe** wat twaalf maal vrugte dra en **elke maand [nuwemaan]** sy vrugte gee, en die*

*blare van die boom is tot genesing van die nasies.*
*Openbaring 22:1, 2*

Na die beskrywing van die vernietiging van die goddeloses wat "teen Jerusalem optrek", wat ooreenstem met die samekoms van Gog en Magog om die Heilige Stad te omsingel in Openbaring 20, sê Sagaría 14:16:


> *En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, en* ***om die huttefees te vier****.*

Ten slotte, die belofte van Jesus self aan Sy dissipels was, "Ek het baie sterk daarna verlang om hierdie pasga met julle te eet voordat Ek ly. Want Ek sê vir julle: Ek sal sekerlik nie meer daarvan eet **voordat dit in die koninkryk van God vervul is nie**…Want Ek sê vir julle: Ek sal sekerlik nie drink van die vrug van die wynstok voordat die koninkryk van God gekom het nie." Lukas 22:15-18.

Dus, naas die weeklikse Sabbat, word ten minste twee ander feeste, die eerste en die laaste van die sewe jaarlikse heilige samekomste, Pasga en Loofhuttefees, in die konteks van die nuwe aarde beskryf.

Almal regoor die wêreld woon verskeie byeenkomste by; van verjaarsdagpartytjies, begrafnisse, gradeplegtighede, troues en herdenkings. Selfs godsdiensgroepe regoor die aarde woon byeenkomste by soos weeklikse kerkdienste, doop, nagmaal, en jaarlikse Kersfees- en Paasfeesdienste, ens. Die lys gaan aan en aan.

Maar het u al ooit daaraan gedink dat God spesifieke byeenkomste in Sy woord uiteengesit het? In die Ou Testament is hierdie heilige byeenkomste *moédim* genoem, wat eenvoudig "Die vasgestelde tye", of "Feeste" beteken (Levitikus 23). In die Nuwe Testament word hierdie selfde byeenkomste "Die tye van verkwikking" genoem (Hand 3:19).




In die loop van die geskiedenis het verskeie vrae oor hierdie byeenkomste ontstaan. Gedurende die dae van Jesus en Sy Apostels was die vraag "Hoe" onderhou ons dit regmatig? Gedurende die vroeë eeue n.C. was die vraag "Wanneer" neem ons dit waar? In hierdie moderne dae is die vraag egter "Moet" ons dit waarneem? En aangesien ons "moet" bevraagteken, moet ons ook "hoe" en "wanneer" bevraagteken. Maar geen van die antwoorde op hierdie vrae sal saakmaak as ons nie weet "wie" ons aanbid of "waarom" nie.

> *"en laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor; en laat ons* ***ons onderlinge byeenkoms nie versuim*** *soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom."*
>
> *~ Hebrews 10:24,25 ~*

**Vadervanliefde.com**